Matieland

2·77

Die Stellenbosch-Boerewynmakerye

Waar wyne groot word.

SFW

VZ 76/1405/1

NOMMER TWEE
JAARGANG 21
AUGUSTUS 1977

Matieland

UITGEGEE VIR OUD-STUDENTE EN DONATEURS
VAN DIE UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH
DEUR DIE DEPARTEMENT VAN ONTWIKKELING
ONDER REDAKSIE VAN DOUGLAS DAVIS

In hierdie uitgawe:

Redaksioneel en Fokus	3
Oud-Matie se groot deurbraak	4
D. J. Opperman skenk sy versameling	6
'n Militaris van die daad	8
It's Stellenbosch for gem testing	10
INTUS kom in rat	12
Sport se plaasopstal gerestoureer	13
Magtige Maties se maroenmallemeule	14
U.S. bring hulle byeen	16
Ambassadors visit Stellenbosch	20
U skryf aan . . .	22
Navorsing in unieke natuurtuin	24
Van ons donateurs	26
Nuwe aanstellings en bevorderings	29
Jan Boland Coetzee op pad na 200	30
Bestuurskool maak sy stem dik	32
Herfsskool '77 – nog 'n sukses	35
Fotovaria	36
Notule van die Konvokasie	42
In memoriam	43
Skotnes in Stellenbosch	44
Adoons-hulle word Maties	46
Nuwe koorleier maak sy buiging	48

'n Militaris van die daad – bl. 8

Die Leeu van Coetzenburg – bl. 30

Adoons-hulle word Maties – bl. 46

VOORBLAD: *Dr. Danie Craven en sy hond in die Peter Barlow-kamer van die gerestoureerde plaasopstal op Coetzenburg. Colin Edwards het die foto geneem. (Lees berig op bl. 13).*

Gedruk deur
TRIO-RAND/S.P.C.T.

Die brandewyn
van hoogste reinheid
Oude Meester
Vir die man
wat kwaliteit bo alles stel
Oude Meester
Liqueur Brandy
PRODUK VAN DIE REPUBLIEK
VAN SUID-AFRIKA
A24
BERGKELDER
STELLENBOSCH

OMB 280 A

REDAKSIONEEL

In dié kerneeu waarin ons leef, is skakeling, oftewel onderlinge kommunikasie, op alle vlakke van lewensbelang. Een van die vele maar uiters belangrike lesse wat die verlede ons leer, is dat 'n gebrek aan kommunikasie grootskaalse ellende, selfs oorloë, tot gevolg kan hê.

Só byvoorbeeld kon die studente-onrus wat Frankryk in die laat sestigerjare geskud het, moontlik verhoed gewees het indien daar nouer onderlinge skakeling tussen die owerheid en studente was. Talle soortgelyke voorbeelde kan nog aangehaal word wat bewys dat konfrontasie en minder aangename gevolge altyd die uitvloeisel is van 'n situasie waar daar nie deeglik oor en weer oorleg gepleeg word nie.

In dié verband is die besef dat studente 'n belangrike bydrae kan lewer tot die besluitnemingsproses aan 'n universiteit van groot betekenis. Studente is tog immers afkomstig uit die gemeenskap en in die lig van die huidige versnelde tempo van verandering wat op alle gebiede van die samelewing ondervind word, is dit belangrik dat 'n universiteit en sy gemeenskap onderling bymekaar aanpas om sodoende albei se voortbestaan te verseker.

Aan die Universiteit van Stellenbosch is daar deurentyd op verskeie vlakke van die bestuur van die Universiteit geleenthede geskep, sodat studentemenings gelug sal word teenoor diegene vir wie dit noodsaaklik is om daarvan kennis te neem.

Onlangs is die besluitnemingsproses aan die U.S. weer só aangepas dat dit tot voordeel van sy studente strek. 'n Oorlegkomitee wat aan studente groter seggenskap in die bestuursake van die Universiteit bied, is tot stand gebring.

Hierdie Studente-oorlegkomitee word beskou as 'n groot ontwikkeling in die skakeling tussen die Universiteitsowerheid en die studentegemeenskap. Dit is die eerste komitee van die Senaat van die Universiteit van Stellenbosch waarin studente sitting het.

Studente van die Universiteit word hiermee die geleentheid gebied om 'n belangriker bydrae te lewer in die besluitnemingsproses, want die Studente-oorlegkomitee bedien die Senaat met raad oor algemene akademiese sake op die kampus soos byvoorbeeld semesterkursusse, akademiese skakeling tussen studente en dosente, aanvangsdatums, inhoud van kursusse en dergelike meer.

Dié stap het weer eens getoon dat die Universiteit se skakeling met sy studente gesond is, en groot vertroue is hiermee in hulle gestel.

* * * * *

Coetzenburg is wêreldwyd bekend as die kweekplaas van Springbokke, veral Springbokrugbyspelers. Meer as honderd Matierugbyspelers het reeds die groen en goud verwerf, en in 69 toetswedstryde tussen 1961 en verlede jaar, is Suid-Afrika in 54 aangevoer deur manne wat hulle rugby op Coetzenburg geleer het.

Dié prestasies word vanjaar onwillekeurig in herinnering geroep deur die oorwinnings van Dok Craven se eerste vyftien wat van Maart tot Junie met feitlik al die voorste klubspanne in Suid-Afrika klaargespeel het. Maroentruie, ons lig die hoede hoog . . .

FOKUS



En hier is hy – dr. Fanie Kühn, die Oud-Matie wat 'n toets ontwerp het waarvolgens longkanker in 'n vroeë stadium baie sekuur gediagnoseer kan word. Dit word allerweë as 'n deurbraak en 'n belangrike stap vorentoe in die behandeling van longkanker beskou.

Stephanus Hendrik Kühn is op Sutherland gebore en het wees grootgeword – sy moeder is oorlede toe hy vyf jaar oud was en sy vader toe hy tien was. Hy het verskeie kosskole bygewoon voordat hy aan die Hoërskool Calvinia gematrikuleer het. Van skool het hy nooit gehou nie, en was 'n "regte rebel". Hy meen dit was omdat sy vader hom so "gruwelik" bederf het na sy moeder se dood. "Ek het te veel 'condensmelk', lekkergoed en speelgoed gehad. Op skool is ek weens my houding van die een standerd na die volgende gevoeter. Dit het darem gehelp want ek het matriek eersteklas geslaag," vertel dr. Kühn.

Na skool het hy aan die Universiteit van Stellenbosch ingeskryf maar aanvanklik was sy studies rigtingloos en hy het besluit om die sakewêreld te betree. Dis "daar waar my gewete my begin pla het". Dr. Kühn sê hy kon hom net nie vereenselwig met die gedagte dat hy nie akademies toegerus was nie. In 1967, 'n jaar na sy huwelik met mej. Hettienne van Pletzen van Jamestown, is hy terug na die U.S. (Die egpaar het twee pragtige dogters.)

In 1970 het hy die graad B.Sc., in 1971 Hons. (B.Sc.) en twee jaar later die graad M.Sc. verwerf. Op 4 Maart vanjaar is die graad Ph.D. in geneeskundige wetenskappe aan hom toegeken. Vir die eertydse weeskind van die Roggeveld was dit die einde van 'n lang en baie moeisame skof.

In Oktober vanjaar vertrek hy na New York waar hy 'n jaar lank sal werk onder prof. Gerald Wiseman, die wêreld se voorste lisosoomkenner.

Fanie Kühn stel dit duidelik dat sy deurbraak nie moontlik sou gewees het sonder die hulp wat hy van die Mediese Navorsingsraad gekry het nie.

Hy is ook 'n diepgelowige mens. "Ek dank die Hemelse Vader dat Hy my in staat gestel het om 'n bydrae te lewer tot die verligting van die mensdom se lot." (Lees ook berig op bl. 4).

LONGKANKER: OUD-MATIE

Stellenbosch gee die pas aan . . . en dit word moontlik gemaak deur manne van die kaliber van dr. Fanie Kühn.

Hierdie jong geneeskundige biochemikus van die Universiteit van Stellenbosch – hy word in Oktober 37 – het onlangs groot bekendheid verwerf deurdat hy 'n toets ontwikkel het wat dit moontlik maak om 'n presiese diagnose van longkanker in 'n vroeë stadium te doen.

Die graad Ph.D. in geneeskundige wetenskappe is op die U.S. se gradeplegtigheid in Maart vanjaar aan dr. Kühn toegeken. Die onderwerp van sy proefskrif is "Hydrolases in Normal and Pathological Lung and its Secretions". Die feit dat so baie mense aan longkanker sterf, het gedien as motivering vir dr. Kühn se ondersoek. Die doel wat hy voor oë gehad het, was om 'n siftingstegniek te ontwikkel wat medici in staat sou stel om longkanker in 'n vroeë stadium te identifiseer. Presiese diagnose in 'n vroeë stadium is 'n voorvereiste vir die longkankerpasiënt om te kan bly lewe.

Dr. Kühn doen sy navorsing in die Mediese Navorsingsraad se eenheid vir difusse obstruktiewe pulmonêre sindrome aan die U.S. se fakulteit van Geneeskunde op Parowvallei.

Hy vertel dat hy aanvanklik nie mooi geweet het waaroor hy sy doktorale proefskrif moes skryf nie. "Toe kom ek op die spoor. Ek het agtergekom dat infeksietoestande in die long die longsel se lisosomale ensieminhoud verander soos gereflekteer in die spoelmateriaal van geïnfekteerde longe, en het toe ontledings begin maak.

"Ek het bevind dat mense met verskillende vorme van longinfeksies verskillende ensiembeelde vertoon. Deur 'n lang proses van toetsing en uitskakeling – dit het sowat drie jaar geduur – het ek toe die toets ontwerp. Dit kom daarop neer dat mense wat longkanker het, 'n bepaalde ensiembeeld het in dié sin dat hulle 'n verhoogde katepsien D aktiwiteit vertoon," het dr. Kühn verduidelik.

Dr. Kühn se toets vir longkanker word uitgevoer deur 'n verdunde soutoplossing (5 tot 10 ml) deur middel van 'n brongoskoop in die long te plaas. Dit word dan teruggesuig saam met wat daardeur "opgelos" word – onder meer 'n aantal selle – en sodoende word 'n aspiraat of longspoelmiddel verkry waarop die toets vir katepsienaktiwiteit en ander lisosomale ensiemaktiwiteite gedoen word. Die aanwesigheid van 'n bepaalde ensiem wat deur die kankerselle afgeskei word, is die bewys dat die persoon wel kanker onder lede het.

Hoewel die toets vir longkanker ontwerp is, sal dit na alle waarskynlikheid in 'n gewysigde vorm na ander organe uitgebrei kan word, bv. maagkanker.

Die tegniek word nou ondersoek vir die diagnosering van ander longsiektes, soos bv. sarkoïde en dit kan weer die behandeling van sodanige longsiektes begunstig.

'n Deel van dié behandeling bestaan uit die toediening van middels wat met groot omsigtigheid aangewend moet word. Dit is vir die geneesheer belangrik om te weet hoe sy pasiënt vorder, sodat hy nie onnodige hoeveelhede van dié middels hoef toe te dien nie.

Met dr. Kühn se tegniek kan dié probleem oorkom word omdat die pasiënt se vordering deeglik gekontroleer kan word.

Die betekenis van dr. Kühn se toets blyk duidelik uit die volgende geval. 'n Pasiënt is onlangs in die Tygerbergse hospitaal met tussenposes drie keer ingevolge die doeltreffendste bestaande tegnieke vir longkanker ondersoek. Die toetse was negatief. Toe is die pasiënt aan dr. Kühn se toets onderwerp. Sy bevinding was kanker in 'n uiters gevorderde stadium. Die pasiënt is enkele weke later oorlede en die nadoodse ondersoek het getoon dat longkanker die oorsaak was.

Die resultate van dr. Kühn se omvattende studie is reeds in verskeie internasionale mediese tydskrifte gepubliseer. Hy het ook verlede jaar in New York op die "Third International Symposium on the Detection and Prevention of Cancer" 'n referaat voorgedra oor sy bevindinge.

Sy studie het die begin van 'n nuwe (biochemiese) diagnostiese benadering ingelui, waar aandag toegespits word op die ensiematiese analiese van aspirate van pasiënte wat tydens brongoskopieë verkry word.

Om dr. Kühn se deurbraak na volle waarde te skat, moet dit beskou word teen die agtergrond dat kanker verreweg die siekte ter wêreld is waaraan die meeste mense beswyk. Na raming kan 'n kwart van alle sterftes aan kanker toegeskryf word en in Suid-Afrika sterf sowat 8 000 mense jaarliks aan longkanker alleen. Longkanker is die mees algemene vorm van kanker en dit neem ontstellend toe. Ook kry al hoe meer vroue longkanker. Sewentien jaar gelede was die verhouding tussen mans en vroue wat dié siekte betref, 8:1. In 1975 is die verhouding gestel op 2:1. Daarbenewens kry al meer kinders kanker.

Ruim 80 persent van alle longkankerpasiënte sterf binne nege maande nadat die siekte gediagnoseer is en net vyf uit elke honderd pasiënte leef langer as vyf jaar. Een van die groot redes hiervoor is dat dit met die beste bestaande tegnieke soos X-straalondersoeke, brongoskoopondersoeke en weefselontleding, eers in 'n baie laat stadium gediagnoseer kan word, en dan is die diagnose maar 60 persent korrek.

Met dr. Kühn se tegniek is dit nou moontlik om 'n baie akkurate diagnose van longkanker in 'n veel vroeër stadium te doen. Dit kom daarop neer dat baie meer mense wat dié gevreesde siekte onder lede het, gered sal kan word. Dit word algemeen aanvaar dat die vroeë verwydering van kankerselle deur 'n operasie vir die

MAAK GROOT DEURBRAAK

pasiënt die beste kans op genesing bied. Chirurgie is alleenlik in die vroeë stadium die aangewese behandeling.

Volgens dr. Kühn se tegniek is dit ook nie nodig om 'n biopsie in die long (ingevolge waarvan 'n stuk lewende weefsel uitgesny word om aan toetse onderwerp te word) uit te voer nie.

Die groot waarde van sy deurbraak met die toets vir 'n presiese – en vroeë – diagnose van longkanker wat hy ontwerp het, is dat dit ook die bestryding van dié siekte deur chirurgie, bestraling en chemiese behandeling in 'n vroeë stadium moontlik maak.



***Dr. Fanie Kühn** in die laboratorium by die U.S. se fakulteit van Geneeskunde waar hy sy toets ontwikkel het wat dit moontlik maak om 'n presiese diagnose van longkanker in 'n vroeë stadium te doen. Op die foto plaas hy 'n sentrifugeerkop in die ultrasentrifugeerder. Die ultrasentrifugeerder is vir dr. Kühn van die allergrootste belang wat sy navorsing ten opsigte van longkanker betref. Hy het dit gebruik vir die skei van sub-sellulêre komponente, onder meer lisosome, onderwyl hy besig was om sy toets vir die diagnose van longkanker te ontwikkel. (Met erkenning aan Die Huisgenoot).*

Prof. Opperman (links) gesels ná die funksie waartydens hy sy letterkundige versameling aan die Universiteit oorhandig het, met proff. W. Kempen en F. E. J. Malherbe, afgetrede hoogleraars in Afrikaans-Nederlands aan die U.S.

D. J. Opperman waardevolle

Die Afrikaanse digter D. J. Opperman het sy waardevolle letterkundige versameling van etlike duisende manuskripte, briewe en ander dokumente aan die Universiteit van Stellenbosch geskenk. Prof. Opperman is hoogleraar in Afrikaanse Letterkunde aan dié Universiteit.

Die versameling – wat ook talle geskrifte van ander digters, skrywers en kritici insluit – sal vir navorsingsdoeleindes in die manuskripte-afdeling van die Universiteit se Carnegie-biblioteek bewaar word.



Talle manuskripte van prof. Opperman se gepubliseerde werke vorm 'n deel van die versameling. Dit sluit in dié van die poësiebundels *Blom en Baaierd, Edms Bpk, Engel uit die Klip, Heilige Beeste, Kuns-Mis, Negester oor Ninevé* en enkele gedigte uit *Dolosse;* die versdramas *Periandros van Korinthe, Vergelegen* en *Voëlvry;* 'n deel van die poësiebloemlesing *Digters van Dertig;* en die prosawerke *Dubbeldoor* en *Stiebeuel.*

Van groot belang vir die studie van prof. Opperman se skeppende werk is die behoud van elke vorm wat 'n gedig aangeneem het, van die eerste poging af tot die uiteindelike produk wat vir publikasie voorgelê is.

Die geskrifte uit prof. Opperman se

Van groot belang vir die studie van D. J. Opperman se skeppende arbeid is die behoud van elke vorm wat 'n gedig aangeneem het – van die eerste poging af tot die uiteindelike produk wat vir publikasie voorgelê is. Hier is byvoorbeeld drie variante van die gedig "Die Nagwag" *uit die bundel* Blom en Baaierd.


Of seven hues in white elision,
The radii of a single tyre,
Seven are the swords of vision
That spoked the prophet's wheel of fire:
Seven, the stridences of light,
The spectrum of the poet's lyre,
Whose unison is one delight
A sole revolving disc of fire:
Seven the swords of thy white star

Die handskrif van die digter Roy Campbell: die manuskrip van een van sy gedigte.

eie pen wat deel van die versameling vorm, sluit ook die manuskripte van sy ongepubliseerde werk in, asook sy dagboeke, los aantekeninge en sy uitgebreide korrespondensie met talle letterkundige figure. Daar is meer as 1 000 briewe – korrespondensie van prof. Opperman met onder meer talle letterkundiges, kritici en redakteurs.


Ik geloof, dat u in de studie van
het uitvoerigste en meest juiste be-
er tot nu toe aan recensies verscheen.
Het artikel van dhr Braamse in "Groote Schuur
is u zeker wel bekend? Alsmede het hoofdstuk
"Over de onbegrijpelijkheid" in "Fabrieks-
geheimen" van Jan Greshoff.
Een vriend verzamelde veel beoordeelingen in
een album (o.a. van Nijhoff, Bloem, Marsman,
Vestdijk, Binnendijk, Anthonie Donker) maar het
is erg moeilijk u het heele geval over te
sturen; dat zult u misschien begrijpen.
Eurydice is een uitgave van "Het Spectrum"
te Utrecht.
Hopende u voldoende te hebben ingelicht,
verblijf ik,
na hartelijke groet,
uw:

Gerrit Achterberg
Mariahoeve
Neede (Gelderland)
Nederland.

Maandag -
Beste Dirk, Ik zal 't heel prettig
vinden, Marie en jou weer eens te zien.
Vrijdag a.s. moet ik in Amsterdam
zijn, maar ben dan middag en avond
bezet. Kunnen wij elkaar dan 's morgens
om 11 uur in het café Americain ont-
moeten? Laat mij even weten. Of dit
schikt. - Wij kunnen dan daar misschien
nog een andere afspraak maken -
Met vriendelijke groet -
Jany R.H.
14.1.'57.

Die indrukwekkende Opperman-versameling sluit meer as duisend briewe in. Hier is van die korrespondensie wat ander literêre groot geeste met prof. Opperman gevoer het: 'n brief van Elizabeth Eybers, die laaste bladsy van 'n brief van Gerrit Achterberg en 'n poskaart van A. Roland Holst ("Jany").

skenk sy versameling

Dié letterkundiges sluit in die Nederlanders Hendrik de Vries, Gerrit Achterberg, Jan Greshoff, H. Marsman en A. Roland Holst en die Suid-Afrikaners N. P. van Wyk Louw, W. E. G. Louw, Ernst van Heerden, Uys Krige, I. D. du Plessis, Elizabeth Eybers, G. A. Watermeyer, Peter Blum, Ina Rousseau, Leon Strydom, Breyten Breytenbach, S. V. Petersen, S. J. Pretorius, en talle ander, jonger digters.

Hierdie korrespondensie is volledig gemaak deur die feit dat prof. Opperman kladkopieë gehou het van die briewe wat hy self geskryf het.

Stukke wat verband hou met prof. Opperman se verbintenis met Die Huisgenoot en die letterkunde-tydskrif Standpunte vorm ook deel van die versameling.

Daar is ook verskeie geskrifte van die digter se vader, mnr. D. J. Opperman, en familiebriewe uit die tyd van die Tweede Vryheidsoorlog, onder ander van genl. J. D. Opperman, 'n oom van prof. Opperman.

Ook die manuskripte van ander digters en skrywers vorm 'n interessante deel van die Opperman-versameling. Dit sluit in werke van onder andere Boerneef, Eitemal, Elizabeth Eybers, N. P. van Wyk Louw, Ina Rousseau, Peter Blum, M.E.R., Lina Spies en Leon Strydom. Die eerste verse van verskeie Afrikaanse digters wat deel van die versameling is, kan van groot literêr-historiese betekenis wees.

Dat prof. Opperman verskeie dekades lank deur jonger Afrikaanse digters om 'n waarde-oordeel van hulle werke gevra is, getuig van die vertroue wat in sy oordeel gestel word, asook van die hoë aansien wat hy as digter geniet, het die Rektor van die Universiteit, prof. J. N. de Villiers, gesê toe hy prof. Opperman geloof het vir die skenking van dié waardevolle versameling aan die U.S.

"'n Jong aspirant-digter gaan nie raad en leiding vra by iemand wie se meesterskap hy nie hoog aanslaan nie", het prof. De Villiers gesê.

Dit is die derde letterkundige dokumente-versameling wat aan die Universiteit oorgedra is: Twee ander voorste Afrikaanse digters, die broers N. P. van Wyk Louw en W. E. G. Louw, se dokumente-versamelings is ook in die Universiteit se besit. Wyle prof. N. P. van Wyk Louw was hoof van die departement Afrikaans-Nederlands aan die Universiteit van die Witwatersrand, en sy broer is tans hoogleraar in Nederlandse Letterkunde aan die U.S.

Prof. Opperman is sedert 1960 hoogleraar aan die Universiteit van Stellenbosch. In sy dienstermyn is verskeie jong digters en litteratore van formaat aan dié universiteit opgelewer.

'n Sonderlinge eer het prof. Opperman te beurt geval toe sy eie universiteit in Desember verlede jaar aan hom as dienende hoogleraar 'n eredoktorsgraad toegeken het.

Brig. Alex Potgieter—'n militaris van die daad

Krygshelde van die moderne oorlogvoering soos Patton, Rommel en MacArthur – oor wie mens al baie gelees het – móés seker soortgelyke indruk gemaak het op 40-jarige ouderdom . . . op pad boontoe.

Dit is die onwillekeurige gedagte oomblikke na kennismaking met brigadier Alex Potgieter. Hy voer sedert 22 Januarie vanjaar bevel by die Militêre Akademie op Saldanha – die kweekskool van offisiere vir die Republiek se Leër, Lugmag en Vloot.

Brig. Alex Potgieter is só 'n man – indrukwekkend en 'n militaris in murg en been. Reeds in standerd agt as kadet in sy afdeling aan die Hoërskool Hottentots-Holland op Somerset-Wes het hy besluit die militêr gaan sy lewe wees. En nou, met nog net 40 somers agter die rug, is hy reeds brigadier met heelwat in sy guns.

Wat ondervinding betref, is die bevelvoerderskap van die Militêre Akademie reeds sy derde bevelspos. En dit alleen is iets waarop nie baie top-manne in ons Weermag kan aanspraak maak nie.

Aan die begin van 1970 toe hy nog kommandant was, is hy aangestel as offisier in bevel van 2 S.A. Infanteriebataljongroep op Walvisbaai. Kort daarna, in 1971, het hy bevelvoerder geword van die Leërgimnasium op Heidelberg in Transvaal. Dié pos het hy drie jaar beklee.

Maar, nog voordat brig. Potgieter hierdie belangrike bevelposte beklee het, was hy onder meer aide-de-camp vir die Staatspresident. (Dit was in 1963 en die helfte van 1964 vir President C. R. Swart.) Dit was in dié tyd wat hy die aanvallige mej. Kathleen Pieters ontmoet het. Sy is 'n Oud-Kovsie met 'n graad in die verpleegkunde. Trouens, sy het dié graad pas verwerf, toe word sy mev. Alex Potgieter. Vandag moet sy benewens haar pligte – en daar is vele—as vrou van die bevelvoerder, ook nog 'n ogie hou oor drie lewenslustige, pragtige woelwaters. Xanderie is agt (die naam is afgelei van haar pa s'n wat Alexander is), Thys is vyf en Martin drie.

Die brigadier het breed geglimlag toe hy vertel dat hy met 'n Oud-Kovsie getroud is. "Jy weet ek's mos 'n Oud-Matie. Ek was 1957 eerstejaar op Stellenbosch en die ander twee jare was ek natuurlik hier vir die verwerwing van die graad B.A. Mil. Man, maar ek sê vir jou dis 'n lekker kombinasie dié van 'n Oud-Matie en 'n Oud-Kovsie . . . dis formidabel hoor, formidabel," het hy skertsend bygevoeg.

In Augustus 1968 het brig. Potgieter die minister van Verdediging se militêre sekretaris geword en daarna het die bevelvoerderskappe op Walvisbaai en Heidelberg spoedig gevolg. Toe hy op 1 Januarie vanjaar aangestel is as offisier in bevel van die Militêre Akademie was hy Direkteur: Kadette by Leërhoofkwartier in Pretoria – 'n pos wat hy sedert 1974 beklee het.

Links: Brig. Alex Potgieter is baie fiks en dit het hy te danke aan perdry en draf. Hier is hy op die rug van Kroon, een van die spogperde in die Berede Sentrum by die Militêre Akademie.

Wanneer mens brig. Potgieter oor sy taak en dié van die Suid-Afrikaanse Weermag uitvra, is dit meteens die militêre leier wat aan die woord kom. Weg is die beskeidenheid wat geheers het toe vrae oor die verloop van sy loopbaan gestel is. Nou is dit 'n man wat praat wat werklik glo in sy taak. "Ons Weermag speel vandag 'n belangriker rol as ooit tevore. Gelukkig kan ek sê die professionalisme op alle vlakke in die Weermag is op die oomblik doeltreffender as op enige tydstip in sy trotse verlede. Die veranderings wat ek in die eerste 18 jaar van my loopbaan as beroepsoldaat aanskou het, vergelyk glad nie met dié afgelope drie jaar nie".

Brig. Potgieter wys daarop dat die Weermag op die oomblik in dié gelukkige posisie verkeer dat hy die beste mensemateriaal werf – of dan immers die heelbeste kans gegun word om dit te doen. "Dit is so omdat jong manne tydens hulle opleiding kan sien wat in die Weermag aangaan, en dan besef baie dit is 'n uitstekende loopbaan. Sodoende trek ons van die bestes – en in toenemende maat – vir die Weermag."

Hy sê dit is van die grootste belang dat die leierskappotensiaal van die diensplichtige – en vanselfsprekend ook dié van die manne in die Militêre Akademie – van die beste moet wees. "Die oorlog wat gevoer word, geskied steeds op die hoër bevelsvlak, maar die belangrikheid van die juniorleier neem geweldig toe. Dié wat die beste soldate op daardie vlak het, sal wen."

Brig. Alex Potgieter is 'n militaris sonder enige illusies. "Ek het geen illusies nie. Ek, ons almal in die Suid-Afrikaanse Weermag besef die omvang van die uitdaging. En moenie dat ons onsself iets anders wysmaak nie – Suid-Afrika was nog nie voorheen in so 'n haglike posisie nie, ons gaan swaar leef, maar ek glo ons sal anderkant uitkom."

Die wyse waarop hy homself uitdruk oor wat ons in die gesig staar, getuig van 'n onwrikbare wil om te wen. Hierdie is 'n man wat sy alles gee, en sal gee. Hy neig nie tot oor-optimisme nie, maar is nogtans nugterdenkend en baie, baie vasberade.

Oor die mensemateriaal tot beskikking van die Weermag, meen hy, kan Suid-Afrikaners baie gelukkig voel. Hy sê daar skort niks met die gehalte van ons manne nie. "En in dié verband kan ek byna sê ek weet van beter. Ek het as Direkteur: Kadette in Israel besoek afgelê. Ek het hulle sg. Gadna-stelsel, ingevolge waarvan die kadetstelsel in die land genasionaliseer is, bestudeer. Dié mense is baie indrukwekkend maar ons mensemateriaal is net so goed, en my patriotisme beïnvloed dié mening glad nie."

Hy sê die Israelse weermag tree ten behoewe van die hele grondgebied op "en dit is by ons ook die geval. Daarom moet ons ganse diverse bevolking geleentheid gebied word om mee te doen aan landsverdediging – soos dit die geval met Israel is waar elke man, vrou en kind 'n taak het om te vervul ten opsigte van die verdediging van sy land."

It's Stellenbosch for Gemprint

THE University of Stellenbosch is at present the only centre in South Africa where gem testing facilities are available.

In recent times the need for a laboratory for gem testing has become indispensable in order to allay the fears of prospective buyers who understandably are confused about the array of gems offered on the open market. That such a laboratory should be independent serves to bolster their confidence that what they propose buying, or have unfortunately already bought, is in fact the gem that is offered or was sold to them.

These facilities are offered by the De Beers Laboratory at the University of Stellenbosch. De Beers Laboratory was officially opened in October 1973 by the Chairman of Anglo American, Mr Harry Oppenheimer. The laboratory's gem testing service was established two years later and was equipped by means of a generous grant from De Beers Consolidated Mines Ltd. It is housed in the department of Geology thus making close co-operation with the mineralogical section of that department possible.

The main task is the certification of diamonds, i.e. the issuing of an independent report on the quality-grades, dimensions and mass of the cut stones. The service moreover extends to the identification and authentication of all other gems, and has frequently been so used. This is especially necessary in view of the successful synthesis of such gems as emerald, ruby, sapphire, opal, alexandrite, turquoise, lapis lazuli, etc., and the production of artificial substances simulating them and diamonds in particular. Such substances, for example, are Yttrium aluminate, Strontium titanate, and Gadolinium galliate.

Invariably such synthetic and artificial gems have a value which is only a fraction of their natural counterparts.

With the advent of space-technology, the newer gem simulants and synthetic stones are manufactured by processes so close to those in nature that it is becoming

Flashback to October 1973 – Mr Harry Oppenheimer, who officially opened the De Beers Laboratory in the department of Geology, is admiring an 18 carat gold casket containing 15 master diamonds graded for colour according to G.I.A. (Gemmological Institute of America) values. Looking on are the Rector of the University, Prof Jannie de Villiers, and the Head of the Gemmology sub-department, Mr Herbert Pienaar (left).

A Gemprint photographic device, used for fingerprinting cut diamonds, was recently donated to the Gemmological sub-department of the department of Geology at the University of Stellenbosch.

The apparatus was designed and manufactured by Kulso Ltd. of Israel. It is distributed in South Africa by Gemini Jewellers (Prop.) Ltd. of Johannesburg. The donation of the Gemprint was jointly made by both firms.

In the Gemmological sub-department it will mainly be used for fingerprinting faceted gem stones. Mr Herbert Pienaar, Head of the department, explained that the configuration of facets gives a unique reflection pattern for each gem stone.

Mr Pienaar also pointed to the fact that the Gemprint is a device that can be utilised to combat diamond theft. "A customer that has diamonds fingerprinted by a Gemprint photographic device when purchasing, has the assurance that should they be stolen

gem testing

increasingly difficult for the practising gemmologists in the jewellery industry to positively identify them as such by standard methods.

The University is proud that this laboratory is the only centre in South Africa where these gem testing facilities are available at present, and is being used increasingly by both the jewellers and the public.

• The main function of the sub-department of Gemmology (De Beers Laboratory) is to teach courses in gemmology to full-time students majoring in Jewellery Design in the department of Creative Arts.

• Knowledge of gems is also disseminated through the Gem Study Group which meets every Wednesday evening. At these sessions amateur mineral enthusiasts and jewellers are encouraged to follow either of the well-known correspondence courses offered by the Gemmological Association of Great Britain or those offered by the Gemmological Institute of America.



The late Prof Otto Schröder who did much to bring about the establishment of a Gemmological sub-department at the University of Stellenbosch. This picture was taken during the official opening in October 1973.

donated to Gemmology

they could be identified if recovered."

He explained that the Gemprint consists of a helium-neon laser that shoots a beam through a standard film on to a diamond.

"The light waves strike the diamond, some are reflected and some refracted – these form a pattern on the film. A photograph is produced within two minutes.

"The customer would be given a certificate with particulars of the diamond and the original photograph. The negative would be filed in a central registry.

"Should the diamond be stolen the owner reports the matter to the registry.

"If a lost diamond was sold to a jeweller he would gemprint it and send the negative to the registry where it would be checked against negatives of lost diamonds. This would prove ownership," Mr Pienaar said.

Pictured here during the official presentation of the Gemprint photographic device to the Gemmological sub-department of the department of Geology at the University of Stellenbosch, are from left to right: Prof G. Söhnge, Head of the department of Geology, Mr R. L. Schwartz, a director of Gemini Jewellers of Johannesburg, Mr H. S. Pienaar, Head of the Gemmological sub-department and Mr H. Lotzof, a director of Gemini Jewellers.

INTUS kom in rat

"Die Instituut vir Taalonderrig (INTUS) aan die Universiteit van Stellenbosch maak goeie vordering hoofsaaklik omdat mense en instansies ruim bydra tot wat hulle beskou as 'n verdienstelike poging om doeltreffende kommunikasie tussen veral blank en swart in Suid-Afrika te bevorder."

Só sê dr. Dawid van der Vyver, direkteur van INTUS, wat op 1 Julie 1975 tot stand gekom het.

Dr. Dawid van der Vyver het op 1 Oktober 1975 direkteur van INTUS geword. Hy sê afgesien van die bemoedigende reaksie van die kant van donateurs, is daar ook in die wêreld buite die Universiteit intense belangstelling in die produk, naamlik die resultaat van die Instituut se navorsing.

"Goeie samewerking is reeds bewerkstellig met byvoorbeeld die Afrikaanse Handelsinstituut, BIFSA (Federasie van Bounywerhede van S.A.), SEIFSA (Staal- en Ingenieursnywerheidfederasie van S.A.), ASSOCOM (Verenigde Kamers van Koophandel), die GKN (Gefedereerde Kamer van Nywerhede), onderwysdepartemente, die Algemene Sinodale Sendingkommissie, uitgewers, en dies meer.

"Die Instituut is daarop ingestel om 'n produk van gehalte te lewer. Hy kan dit doen uit hoofde van sy besondere taak. Die twee komponente waaruit hy bestaan, navorsing en diens, is onafskeidbaar verbonde. Dit gaan om aspekte van toegepaste taalkunde (dit gaan oor taalonderrig) en navorsing op hierdie terrein is dus noodwendig praktykgeoriënteer en onmiddellik of binne afsienbare tyd van nut," sê dr. Van der Vyver.

Afgesien van die direkteur en 'n tikster beskik die Instituut tans oor die dienste van 'n voltydse senior navorser en 'n voltydse junior navorser ('n Xhosa). Daar is ook 'n gesekondeerde senior navorser vir ongeveer 'n jaar en vier personeellede wat vergoed word vir werk wat op deeltydse basis aan verskillende projekte gedoen word.

Tans word byvoorbeeld gewerk aan 'n Afrikaanskursus vir die Engelssprekende sakeman en aan Afrikaanskursusse vir swartmense.

'n Kursus in Afrikaans is gedurende die tweede helfte van 1976 vir twee groepe immigrante uit Stellenbosch en omgewing aangebied. Die kommentaar op hierdie kursus, wat hopelik later vanjaar herhaal sal word, was deurgaans positief.

Afgesien van werk aan 'n basiese kursus in Xhosa vir sakemanne, is die Instituut ook nog gemoeid met projekte ten opsigte van Engels, Duits en Bybelse Hebreeus.

Die moontlikheid word ondersoek om aan die begin van elke jaar vir Engelssprekendestudente 'n kort kursus in Afrikaans aan te bied ten einde vir hulle die akademiese en sosiale inskakeling te vergemaklik.

Dr. Van der Vyver sê hy is optimisties dat daar binne afsienbare tyd met werksaamhede ten behoewe van Suid-Sotho en Zoeloe begin sal kan word.

Ondertussen het die Instituut die volle steun van sy Raad van Beskermhere ontvang om veral die onderrig van Afrikaans en die belangrikste Bantoetale te verbeter. INTUS se beskermhere het op 6 Mei hulle tweede vergadering op Stellenbosch gehou.

Verskeie van die beskermhere sal die voortou neem om vir die Instituut steun te werf en fondse in te samel.

"Die Raad van Beskermhere het 'n onskatbare bydrae gelewer tot die ontwikkeling van die Instituut. As gekyk word na die belangstelling en aktiewe deelname van individuele lede, besef mens dat hierdie Raad, waarvan die Rektor die voorsitter is, vir die Instituut reeds 'n onvervangbare bate geword het," sê dr. Van der Vyver.

By die vergadering op 6 Mei van die Instituut vir Taalonderrig se Beheerraad op Stellenbosch was voor v.l.n.r. adv. D. P. de Villiers, besturende direkteur van Nasionale Pers Bpk., dr. D. H. van der Vyver, direkteur van die Instituut, prof. J. N. de Villiers, Rektor van die U.S., prof. F. C. Fensham, van die departement Semitiese Tale aan die U.S., en prof. H. B. Thom, voormalige Rektor van die Universiteit.

Agter v.l.n.r. mnre. C. J. F. Human, besturende direkteur van Federale Volksbeleggings, P. J. Lombard, direkteur van Ontwikkeling aan die U.S., W. J. Coetzee, direkteur van Onderwys in die O.V.S. en P. S. Meyer, direkteur van Onderwys in Kaapland, dr. J. T. Botha van die fakulteit Opvoedkunde aan die U.S., prof. A. Nel, dekaan van die fakulteit Lettere en Wysbegeerte aan die U.S., mnr. M. E. Botha, direkteur van Hill Samuel S.A. en prof. J. A. du Plessis van die departement Bantoetale aan die Universiteit.

Sport se plaasopstal gerestoureer

Sport aan die U.S. "blom" weer en daarmee sy sportbaas ook.

Die restourasie aan die historiese Coetzenburg-plaashuis waar die sportadministrasie gehuisves word, nader nou vinnig voltooiing en daarmee klop die hart van die direkteur van Sport, dr. Danie Craven, al warmer. Vir Dok is dit nog 'n lewensideaal wat bereik is. Lank reeds al vra hy dat die praal van dié swierige ou plaashuis in ere herstel moet word.

Mense kom reeds van heinde en ver om die gerestoureerde buiteaansig van die belangrikste Victoriaanse huis op Stellenbosch te besigtig en te waardeer.

Volgens die jong argitek Jan Corewijn, wat terloops ironies genoeg 'n oud-Ikey is, behoort die binnerestourasie van rugby se heiligdom op Stellenbosch nou enige dag voltooi wees.

Rugbybaas dr. Craven, se kantoor het reeds deur die hande van mnr. Corewijn gegaan en die resultaat voer mens getrou terug na die vorige eeu met Kaapse praal, en al. Die oorspronklike geblomde muurpapier in die vertrek kon behoue bly en met Dok se interessante skilderye en sy eie lessenaar is dit 'n stukkie Craven in 'n historiese agtergrond verweef.

Die ou opstal het vroeër jare aan 'n groot vriend en donateur van die Universiteit, mnr. Jan Marais, behoort. Nadat die Universiteit dit aangekoop het, het dit aanvanklik gedien as klubhuis vir Matie-rugby, maar nou word die huis deur sport as 'n geheel geniet en gebruik.

Die wynkelder van die huis word nou 'n onthaalsaal waar besoekende spanne ontvang sal word. Die geskiedenis van rugby op Stellenbosch word volledig teen die mure van die kelder uitgebeeld.

Die klub se unieke versameling rugbyspanfoto's wat uit 1880 dateer, is reeds wêreldwyd bekend en sal nou op hulle beste vertoon kan word.

Voorwaar 'n stukkie lewende geskiedenis dig langs die Eersterivier. 'n Waardiger en meer unieke kernpunt vir sport op Stellenbosch kan dr. Craven en sportliefhebbers nie voor wens nie. Maar, al weet mens ook nie mooi wat die woordjie sport beteken nie, kan mens in elke geval hierdie monument uit die verlede nét so geniet.

Die ou plaasopstal op Coetzenburg, hoofkwartier van Dok Craven en sy sportpersoneel, lyk deesdae weer soos aan die begin van die eeu toe mnr. Jan Marais dit in 'n Viktoriaanse huis laat ombou het.



Die Matiesenter, Gys van Schoor, het teen die Tukkies 'n drie gedruk wat die reuseskare op Coetzenburg lam in die bene gelaat het. Op die foto links "vat" Gys die buitegaping met só 'n vaartversnelling dat Tukkies se nr. 12, Christo Wagenaar, lyk of hy parkeerplek soek. Op die middelste foto is Gys op loop soos 'n Karoowindpomp – en Tukkie se nr. 12 vind sy parkeerplek! Matievleuel, A. G. Koch, haal uit om by Gys te bly terwyl Tukkievleuel, Jock Seeliger (links) en die heelagter, Pierre Edwards, desperaat hardloop om die onafwendbare te stuit. Foto regs: Gys druk, en nog 'n spyker bewe in die Tukke se doodskis!

MAGTIGE MAROENMA

Geen klubspan in die geskiedenis van Suid-Afrikaanse rugby kon nog in vier maande van 'n rugbyseisoen soveel puik spanne klop soos wat die Maties vanjaar gedoen het nie.

Die triomfantelike segetog het in Maart vanjaar begin toe die top-klubspan van Transvaal, Diggers, op Coetzenburg kom speel het. Maties het 16–0 gewen.

Die volgende grote wat getuimel het, was die Pretoriase klubspan, Harlequins, op die klubkampioenskapstoernooi tydens die Paasnaweek in Durban. Quins het in die eindstryd 10–12 teen die Maties verloor, en daarmee het die Maroentruie die tweede keer binne drie jaar klubkampioen van Suid-Afrika geword.

Die U.S. se Rektor, prof. Jannie de Villiers, gesels hier met Tukkies se Kanselier, dr. Hilgard Muller, op 'n geselligheid na die Matie – Tukkie wedstryd. Links staan mnr. Bags Cilliers, direkteur van Openbare Betrekkinge aan die U.P.

***Mev. Geraldine de Villiers** (links), eggenote van die U.S. se Rektor, en lady Luyt (regs), eggenote van die Rektor van die Universiteit van Kaapstad, is hier afgeneem pas nadat hulle saam met prof. Eric Axelson en sy vrou by die geselligheid aangekom het wat gehou is na afloop van die kragmeting tussen die Maties en die Ikeys. Prof. Axelson is tans waarnemende Adjunkrektor aan die U.K.*



MATIES SE ALLEMEULE

Toe volg die wedstryd waarop Suid-Afrikaanse rugbygeesdriftiges gretiglik gewag het – die kragmeting teen Tukkies op 7 Mei.

In 'n stadium het die Coetzenburgse skare hulle gereed gemaak om 'n nederlaag te aanvaar, maar toe kom daardie "Matie magic", soos 'n sportskrywer dit genoem het toe hy verwys het na die beweging wat gelei het tot Deon van Blommenstein se drie in die hoek, en Maties seëvier met 23–14.

Twee weke later draf die Maties vir Ikeys kaf met 48–9 in die Intervarsity op Coetzenburg en op 31 Mei wen hulle 9–0 teen die sterk Kaapstadse klubspan, Villagers.

Skopkoning Robbie Blair, *een van die Maroentruie se talle staatmakers, lanseer die bal in die wedstryd teen Ikeys.*

Kort voor die aanvang van die laaste Intervarsity op Coetzenburg en die Maties se hoofdirigent, Fanie van der Linde, voer sy passies uit voor die groot skare Matie-ondersteuners. (Foto: Colin Edwards)

Johannesburg

U.S. hul

Die Rektor en mev. De Villiers is hier afgeneem saam met mnr. en mev. Mike Neser. Mnr. Neser was voorsitter van die reëlingskomitee vir die twee dinees wat in die Goudstad aangebied is. Sy vrou, Louie, wat die hoofgasvrou was, en nog 60 gasvrouens het vir die eerste dinee op Woensdagaand 516 mense byeengebring. Op die daaropvolgende aand se dinee het hulle puik organisasiewerk 'n rapsie meer as 400 mense laat opdaag. Die Rektor was die geleentheidspreker en mnr. Neser het die bedankings gedoen. (Die foto's op dié blad is geskenk deur Beeld.)

Ds. en mev. Danie du Plessis wat die dinee op 15 Junie bygewoon het – ds. Du Plessis het die verrigtinge geopen deur die seën te vra.

Onder die jonger geslag Oud-Maties wat met die byeenkomste in die Goudstad teenwoordig was, was dié twee paartjies, mnr. en mev. D. Malherbe en mev. en mnr. J. M. Kirsten.

'n Oud-Tukkie wat 'n Matienooi in Kaapland loop trou het – dis nou mnr. en mev. R. B. Gouws. Hulle was ook by die Wandererskiub teenwoordig.

Oud-Matie Phil Zaayman en sy aanvallige vroutjie was ook onder die honderde wat in belang van hulle Alma Mater saamgetrek het. Mnr. Zaayman is sportredakteur van Rapport.

bring byeen

Die departement Ontwikkeling het vanjaar weer met 'n intensiewe fondsinsamelingsveldtog begin.

Soos die geval met die Eeufeesfondsveldtog in die jare sestig, word daar tydens die huidige ook gesellige byeenkomste aangebied waar oud-studente, ouers van studente, donateurs en ander vriende van die Universiteit bymekaar gebring word.

Die eerste aantal bymekaarkomste het reeds plaasgevind op Swellendam, George, Oudtshoorn, Knysna en in Johannesburg.

In Johannesburg is twee dinees, onderskeidelik op 15 en 16 Junie, in die Wandererskiub aangebied. Die aanwesiges is deur die Rektor, prof. Jannie de Villiers, toegespreek. Die hoofgasvrou, mev. Louie Neser en haar span van 60 vrouens, het daarin geslaag om meer as 900 mense op dié twee aande bymekaar te bring.

Op Swellendam, waar sowat 200 gaste op 21 Mei gesellig saam byeengekom het, het mev. Brenda Kelly en haar ywerige gasvroue gesorg vir 'n luisterryke geleentheid.

Die samekoms van Oud-Maties en ander op 13 Mei in die offisiersklub van die Weermag op Oudtshoorn, was 'n dawerende sukses en dis te danke aan die skitterende spanwerk van die hoofgasvrou, mev. R. le Roux, en haar vlytige helpsters.

Die dinee in die stadsaal op Knysna op 7 Mei, was eweneens 'n groot sukses afgesien van gietende reën. Daar was meer as honderd gaste en mej. C. P. Keller en haar medegasvroue het gesorg vir 'n geselligheid wat lank onthou sal word.

Swellendam

Die hooftafel tydens die geselligheid op 21 Mei op Swellendam. Die man aan die woord, is mnr. Dawie Beyers, Oud-Matie en tans burgemeester van Swellendam. Mnr. Beyers, wat ook voorsitter is van die streekkomitee, het beslis rede om so lekker te glimlag. Hy en lede van die streekkomitee het reeds meer as R14 000 vir die Universiteit van Stellenbosch ingesamel – voorwaar 'n pluimpie vir die manne van Swellendam waar die mense daarvoor bekend is dat hulle kan raakvat.

Só het dit met die geselligheid op Swellendam daar uitgesien – hier is 'n deel van die sowat 200 mense wat op dié dorp byeengekom het. Die geleentheidspreker was die Universiteit se Visekanselier, dr. Kosie Gericke. Dié foto is juis geneem terwyl dr. Gericke aan die woord was. Mnr. A. D. (Haas) Kruger van die departement Ontwikkeling het aan die hoof gestaan van die veldtog op Swellendam.

OU MUTUAL betaal elke werkdag van die jaar gemiddeld R450 000 aan polishouers of hul gesinne uit; om die verlies deur dood te versag; om die aftreejare kommervry te maak; om na-skoolse opleiding vir 'n nuwe geslag te finansier.

OU MUTUAL is onlosmaaklik deel van Suid-Afrika... 'n aktiewe lid van die gemeenskap wat sy deel bring.

OU MUTUAL

U vriend vir lewensversekering

Oudtshoorn

Onder: Benewens die feit dat die Weermag goedgunstiglik ingestem het om die offisiersklub aan die Universiteit beskikbaar te stel vir die dinee, is daar ook gereël dat die bediening waargeneem word deur soldate. Dié manne in uniform se bediening was uiters flink en dit het baie bygedra om van die geselligheid een te maak wat beslis nie gou vergeet sal word nie. Dié foto toon duidelik hoe die mense hulle geniet het.

Bo: Die byeenkoms op Oudtshoorn op Vrydagaand 13 Mei was ook in die vorm van 'n dinee en dit is gehou in die offisiersklub van die Suid-Afrikaanse Weermag. Kolonel R. Badenhorst, bevelvoerder van die Infanterieskool op Oudtshoorn (regs op die foto), het dié reëling getref. Hy is ook 'n Oud-Matie. Die 308 mense wat die dinee bygewoon het, is toegespreek deur prof. Bun Booyens, hoogleraar in Afrikaanse Kultuur- en Volkskunde aan die U.S., en 'n – soos hy dit self gestel het – "seun van die Klein Karoo". Prof. Booyens verskyn vyfde van links op die foto, dis hy wat so lekker lag! Die ander mense aan die hooftafel is v.l.n.r. mnr. en mev. John le Roux (mev. Le Roux was die hoofgasvrou), mnr. en mev. Arnold de Jager (hy is burgemeester van die dorp), mnr. en mev. Seppie Greeff (hy is LPR vir Oudtshoorn) en mnr. en mev. Kiewiet Jansen (mnr. Jansen is voorsitter van die veldtogkomitee).

Knysna

Sedert dié foto tydens die dinee op Knysna geneem is, het ons met groot spyt verneem van die afsterwe van mnr. N. J. Marais (links), voorsitter van die Oud-Matieskakelkomitee en skoolhoof. Ook op die foto is v.l.n.r. sy vrou, mev. Marais, mnr. P. J. Lombard, direkteur van Ontwikkeling aan die U.S., mnr. J. J. Reinecke (burgemeester van Knysna), mev. Reinecke en mnr. G. Kellerman, wat 'n beroep op die mense gedoen het om die U.S. se saak te steun.

Hier verskyn v.l.n.r. ds. en mev. A. Rothmann en mnr. en mev. L. Fechter wat ook die dinee in die stadsaal op Knysna bygewoon het. Ds. Rothmann het ter aanvang die tafelgebed gedoen, en mnr. Fechter het later die aand 'n heildronk op die U.S. ingestel. Dié foto van die twee egpare is geneem onderwyl mnr. Lombard, die U.S. se direkteur van Ontwikkeling, sy toespraak gelewer het.

Their Excellencies, the British ambassador to South Africa, Sir David Scott, and his Transkeian counterpart, Prof Mlahleni Njisane, visited the University of Stellenbosch officially for the first time during May this year. Sir David spent the day as guest of the department of English of the faculty of Education. Prof Njisane was invited to address the Anthropological Society.

Ambas

His Excellency, Sir David Scott, British ambassador to South Africa, visited the faculty of Education at the University on 3 May. After meeting the Dean of the faculty and staff-members of the department of English he addressed a large number of students in the Main Hall of the G. G. Cillié Building. Here are a few excerpts from his address:

• When I was posted back to South Africa just over a year ago, I had realised that the relations between our countries had been coasting along a bit for quite a number of years. We have remained in Britain your biggest commercial customers by a long way, we buy much more from you than any other country does and we have been more or less at the top of the list of your suppliers although this year the Americans and the West Germans, for various reasons, have just passed us. This relationship of a trading partner is a very important one but it does'nt entirely mean the most vital link in the relationships between two countries like ours. And, in the political field I think we have been tempting to drift along a little bit with the differences between us, and there are differences between us, and this is where the bridge building comes in.

• Now, one of the things we have to remember and ask ourselves is, why is it that our two countries did in fact over the past 20 or 30 years drift apart. Now, I was here in my first overseas posting as a diplomat in the early 1950's and of course at that time a National Party government was fairly new here and there was a lot going on in the way of political change here. Now I am back again after 25 years and I find that there are still changes going on, of course the government has been in power for all that time in between, it settled down and has gone through one set of changes, perhaps in one direction and then has come back to a rather more flexible policy perhaps in more recent years, but there has been a lot of change, but during that time, the links which existed between Britain and South Africa had been quite a lot dilluted of course; the departure from the Commonwealth, the fact that we no longer

On the day of his visit Sir David was entertained to lunch by the Rector of the University, Prof Jannie de Villiers. Sir David is seen here with the Rector (left), Prof John Harvey, Head of the department of English, and Dr Tromp Botha (right) Head of the department of English in the faculty of Education.

sadors visit Stellenbosch

have such close links in University administrations, in professional bodies and that sort of thing has not helped at all, but by and large we have maintained pretty close working relations without having too much in the way of the closer, more intimate relations which I think if you went back, perhaps before the war, we were tending to have.

• It's quite significant that the Egyptian government and other African governments to the North are now giving help to independent African countries to free them from Communism. Now, I am not for a moment saying that Communism isn't one of the greatest, if not *the* greatest threat to our society and our societies today, but I think we've got to treat the threat coolly.

He posed the question "whether the study of African societies today, especially in South Africa, does not demand a comprehensive view of African and European society, whether understanding the behaviour of, say, even the so-called migrant labourers does not require an understanding of the entire context in which such behaviour occurs . . ."

Prof Njisane said that the vast images which the concept "tribe" conjures up have very often been taken as a viable substitute for real knowledge. "We may yet discover the real African of today," he said.

Finally, he concluded: "Do not let social scientists allow themselves inadvertently, and by default, to be seen as the intellectual stormtroopers of political systems that tarnish conceptual precision."

Transkei's first ambassador to South Africa has had a distinguished academic career. Prior to joining the South African diplomatic training programme for Transkei in 1975, the year before that country became independent, he lectured at, among others, the University of Accra in Ghana, and several American universities, including Boston, Columbia, Michigan State, Berkeley, Stanford and San Francisco.

He is a member of the American Sociological Association, the African Studies Association and the National Association of Heads of Ethnic, Urban and Black Studies, and an executive member of the African Heritage Studies Association.

Prof Njisane was accompanied on his visit to Stellenbosch by his wife.

* * * * *

His Excellency, the Transkeian ambassador to South Africa, Prof Mlahleni Njisane, paid his first official visit to Stellenbosch on 24 May. He addressed the Anthropological Society in the Wilfred Marais Hall in the Wilcocks Building.

Prof Njisane spoke on The Role of "Tribal" Anthropology in Africa, warning his audience beforehand that anthropology was not his speciality, "but a sideline, which is more than just an intellectual academic exercise."

Referring to "tribal anthropology" he said "the monographic accounts of tribes, genuine legitimate micro-sociological studies dealing with enclaves of human society, must be distinguished from contemporary problem-oriented specialisations of focussed sociological analysis."

Prof Mlahleni Njisane and his wife are pictured here with Prof G. M. K. Schüler, Head of the department of Anthropology (left) and Mr A. Rossouw, Chairman of the Anthropological Society at the University of Stellenbosch.

U SKRYF AAN....

Die Redakteur
MATIELAND
Dept. Ontwikkeling
Universiteit van Stellenbosch
STELLENBOSCH
7600

Dié studente sou heel moontlik nie aan 'n Universiteit van Stellenbosch gestudeer het as dit nie was vir die man voor wie se standbeeld hulle staan nie. Mnr. Jan Marais van Coetzenburg het in sy testament £100 000 vir die hoër onderwys op Stellenbosch beskikbaar gestel. Dit het die U.S. in staat gestel om op eie bene te kan staan, en sedertdien is nooit weer teruggekyk nie. Ons noem dié baie belangrike feit weer hier aangesien daar in die laaste uitgawe van Matieland 'n gruwelike flater begaan is. Daar is gemeld dat wyle mnr. Marais se nalatenskap R100 000 was, en in die lig van die veranderde waarde van geld maak dit die wêreld se verskil! Aan al die Oud-Maties wat hieroor aan ons geskryf het, sê ons baie dankie. Een van hulle het daarop gewys dat indien so 'n skenking vandag gedoen word, dit sowat R2 miljoen sou moes wees. 'n Ander weer het genoem dat daar destyds nege geboue, soortgelyk aan die Ou Hoofgebou, met dié geld gebou kon word. Ons vra groot verskoning vir die fout – ons besef 'n pond van daardie dae sou vandag vele rand werd wees . . .



Briewe word steeds in toenemende maat aan Matieland geskryf en die versoek van ons kant is: moet asseblief nie ophou skryf nie. Dit is weer eens bewys dat ons oud-studente hulle Alma Mater nooit afsterf nie. En buitendien bied dit die redaksie van Matieland uitstekende wenke vir stof vir die uitgawes vorentoe. Ons sou graag al dié briewe wou plaas, maar dit is ongelukkig onmoontlik as gevolg van gebrek aan ruimte. Daar is egter besluit om voortaan in elke uitgawe enkele van dié wat die meeste interessanthede bevat – en ons kan u verseker dis baie moeilik om dáároor te besluit – te plaas.

Ds. Naudé was stigter

Mev. Hymne Weiss, Parkstraat, Pretoria:

Die man wat die eerste Afrikaansmediumskool in Kaapland gestig het, was ds. Jozua Francois Naudé. Dit was die Hoër Volkskool op Graaff-Reinet en dr. George v.W. Eybers was die eerste skoolhoof.

Ds. Naudé se werksaamhede strek oor so 'n breë terrein dat dit te omvattend sal wees om hier te stel.

Hy het hom aanvanklik as onderwyser bekwaam en was later veldprediker in die Tweede Vryheidsoorlog. Sy teologiese opleiding voltooi hy aan die Kweekskool op Stellenbosch en staan daarna in die volgende gemeentes: Goedemoed, O.V.S., Roodepoort, Piet Retief en daarna op Graaff-Reinet waar hy dan die eerste Afrikaans-mediumskool in Kaapland gestig het.

Reeds tydens sy verblyf in Transvaal, beywer ds. Naudé hom vir die beste op onderwysgebied en tree hy op as kampvegter vir Afrikaans. Hy stig ook die eerste Afrikaanse skool op Roodepoort waar hy en sy vrou as onderwysers in 'n privaatmoedertaalskooltjie inspring.

Ds. Naudé was die eerste predikant wat Afrikaanse preke in plaas van die gebruiklike Nederlands gelewer het. Op Graaff-Reinet het hy gewaag om met sy intrede daar in Afrikaans te preek en moes daarvoor baie smaad en hoon verduur.

Hy was 'n besonder bekwame man wat in 'n aantal van die belangrikste kommissies van die Kerk gedien het. Hy was ook lid van die paneel vertalers wat aan die eerste vertaling van die Afrikaanse Bybel meegewerk het. Ten tye van sy dood in 1948 was hy waarnemende Actuarius van die Kaapse N.G. Kerk.

Hy het besonder belang gestel in die onderwys, musiek en ander kultuuraangeleenthede.

Hy het ook die boek Vechten en Vluchten ná die Tweede Vryheidsoorlog geskryf. Die boek is in Rotterdam op eie koste gedruk, maar die destydse regering wou die boek eers nie die land laat binnekom nie. Na onderhandeling, het hy self die besending in die Kaap gaan haal en versprei. Vandag is die boek gesogte Africana.

• Voordat mev. Weiss aan ons geskryf het, was ons onder die indruk dat wyle dr. G.v.W. Eybers die stigter van die eerste Afrikaansmediumskool in Kaapland was. Dit blyk nou egter dat hy die eerste skoolhoof was. 'n Beriggie in dié verband het verlede jaar in die Augustus-uitgawe van Matieland verskyn. – Red.

TUSSEN GUY FAWKES EN APRIL FOOL

Mnr. Ben Conradie, Maraisstraat, Strand:

Onlangs het ek met veel vreugde die vertellinge van prof. Ben Marais in 'n tydskrif gelees. Hy was primarius van Wilgenhof toe ek my daar in 1932 as sot aangemeld het. In sy wakker flikkerende oë het ek gedurig die ondeundheid sien speel.

Toe ons in 1932 op Stellenbosch gekom het, was Johan Buhr se naam nog op almal se lippe. Ons is vertel van sy toespraak voor hoëlui, maar ook van sy toespraak oor die togas. Diegene wat dit nog self gehoor het, het dit met oorgawe vertel.

Toe kom daar mos in ons tyd ook 'n togamosie. Die vergadering moes daar in die omgewing van 1935 gewees het. Die dag was 5 November. Die man wat die saak in die C.J.V.-saal bepleit het, was Ben Havemann, nou Administrateur van Natal. Voordat die mosie aanvaar is, het Jannie Loots, nou Speaker, aan die bespreking deelgeneem en wel teen die mosie. A. F. Louw, nou dominee in Salisbury, was soos altyd die kampvegter vir die arm man. Hy het in alle erns gevra of die studente weet dat daar van hul makkers is wat net twee hemde het: een in die kas en een aan die bas. Maar dit was in die hartjie van die bloktyd en die mosie is aangeneem en A. F. Louw se altruïstiese hart was geskok.

Ben Havemann het, nadat die mosie aanvaar is, die studente gemaan: "dames en here, asseblief die keer tog geen Johan Buhr-'stunts' nie!"

Toe ons uitgaan, sê Jannie: "Dis jammer, maar ons moes meer moeite gedoen het om die ding te verhoed."

Binne 'n paar dae het dit tot die depressiekinders deurgedring dat daar nou togas gekoop sal moet word teen £2.10/- stuk en wat erger was, gedra sal moet word. Gou was daar genoeg ontnugterdes wat geteken het om 'n monstervergadering aan te vra.

Ben Marais was daar. Toe sy spreekbeurt kom, het hy met 'n paar kort sinnetjies sy saak gestel. "Dames en Here, so 'n mosie kan net in bloktyd geneem word. Dis op Guy Fawkesdag aanvaar en sou in werking tree op 'April fool's day'. Dis wat ek daarvan dink!"

Die toga is met 'n groot meerderheid afgestem ten spyte van Ben Havemann se verdere pleidooi dat die handelaars nou reeds al met rolle materiaal sit.

Iewers was daar 'n baie bly Abraham Louw en nog blyer studente waarvan sommige net 'n hemp vir die bas gehad het. 'n Mens kan maar net wonder of daar nog sulke manne is, met net een hemp bedoel ek.

Abraham Louw se vader, die beminde ds. A. F. Louw, het vertel dat toe hy en sy broer op Stellenbosch was, hulle tussen die twee van hulle 10/- sakgeld gekry het vir 'n taamlike lang termyn en dat die ergste was dat hy vir sy vader altyd van die uitgawes verslag moes doen. Geen wonder dat ds. Louw altyd gesê het dat 'n student wat finansieel gehelp word, nie mag rook nie.

Ek het afgedwaal, maar wou maar net die aandag vestig op Ben Marais se woorde wat nie eintlik by 'n taaljaar pas nie, maar wel 'n studentemassa kon swaai, maar, nou ja, dit was bloktyd!

In hierdie tyd van inflasie sou dit nogal interessante leesstof wees indien van ons depressiekinders kon te boek stel hoe swaar hulle gekry het. Miskien kan u blad so 'n rubriekie aan die gang kry.

Help your 'Buurman'

Mr A. C. Evens, Lowestoffe, Cathcart:

Please find enclosed a cheque to your University in memory of Dominee M. L. de Villiers.

I think, in fact I'm sure, his music set to Die Stem, gives us South Africans the finest original Anthem in the world.

Our people working together can invoke this Anthem before God and walk in His Grace with success. Thanking you, Alles van die beste, A. C. Evens.

P.S. – My folk came with the 1820 Settlers – I have farmed here for 50 years. This is a very good land if one works and also helps his Buurman.

• **This letter was originally addressed to our Rector, Prof De Villiers.**

VERSKIL OOR IKEY-BENAMING

Mnr. H. L. N. Conradie, Najaarsrus, Parys:

Die stelling van adv. Jacs Marais dat die benaming "Ikeys" in 1917 ontstaan het, noop my om te skryf.

Ek het in 1910 Matie geword en afgesien van 'n onderbreking van 1½ jaar, daar gebly tot 1916. Toe ek daar gekom het, was die Ikeys ons voetbal teenstanders en ek het ook vir Jolly Lategan gevra, wat ook hier in Najaarsrus is, en hy sê in sy tyd was dit al Maties en Ikeys. Hy was op Stellenbosch van 1903 tot 1909.

So van byname en benaminge gepraat, miskien weet die nageslag ook nie hoe prof. Wilcocks die naam "Bobby" gekry het nie. Ek het aanskou hoe Wilcocks van die Hoi-poloi veld oor die A-veld gestap kom, en hoe die "Bobby" (polisieman), wat daar op diens was, hom voorkeer en wou hê hy moet óm die veld stap. Hy het beslis geweier tot die "Bobby" hom maar toegelaat het. Die aand in Eendrag (in Dorpstraat net bokant dr. Neethling en regoor die Jongeliedesaal) het ons die gebeurtenis weer beredeneer; party het Wilcocks se part gevat en ander die "Bobby" s'n. Maar, van toe af was daar 'n student in Wilgenhof met die naam Bobby Wilcocks. Dit was omtrent 1911.

In my jare was daar ook 'n bruinman, Aasvoël, met 'n geweldige sterk stem. Hy is gebruik om te adverteer. Vendusies moes hy aankondig op die hoeke van die strate en natuurlik het sy stem baie ver gedra met "Voetbol! Voetbol!"

• **Mnr. Conradie het sy skrywe gerig na aanleiding van 'n berig in Matieland in Desember verlede jaar oor waar presies die benaming "Ikeys" sy oorsprong gehad het. Adv. Jacs Marais van Pretoria meen dié benaming het sy ontstaan op die vroegste in 1918 gehad terwyl daar kort voor die Intervarsity liedjies geoefen is. Die woorde, "Kaapse outjies" uit die liedjie, "Die Stellenbosse faam", is deur dr. W. J. B. "Pine" Pienaar – hy was in daardie jaar die Maties se dirigent – omskep in "Ikeys".**

Die voorsitter van die Kaapse afdelingsraad, mnr. H. J. Kriel (links) het die sleutels vir die S. H. Skaife-navorsingstasie oorhandig aan die twee universiteitshoofde, prof. J. N. de Villiers (tweede van links) en sir Richard Luyt (regs). By hulle is proff. Jan Giliomee van Stellenbosch en Richard Fuggle van Kaapstad en dr. Skaife se weduwee, mev. E. Skaife.



Die navorsingstasie

'n Veld-navorsingstasie is aan die universiteite van Stellenbosch en Kaapstad beskikbaar gestel om die unieke plant- en dierelewe in die Natuurtuin Kaap die Goeie Hoop te bestudeer.

Die kus-natuurtuin (waarin Kaappunt, een van die Skiereiland se bekendste toeriste-trekpleisters, geleë is) is 'n toevlugsoord vir 'n ryke verskeidenheid plante en diere – wat daar in hulle natuurlike omgewing bestudeer kan word.

Sommige plante word nêrens anders aangetref nie. Só word van die meer as 100 soorte ericas (heide) wat in die Skiereiland voorkom meer as 40 in die Kaap die Goeie Hoop-natuurtuin aangetref – en minstens vyf dáárvan is endemies aan die natuurtuin (dit wil sê dit is hulle enigste natuurlike omgewing).

Benewens die vyf erica-soorte (met die spesie-name *fontana*, *capensis*, *eburnea* *clavisepala* en *blancheana*), is plante soos *Eligia fenestrata* ('n fyn rietsoort) en 'n soort disa (*D. salteri*) ook endemies aan die natuurtuin.

Ander plante, soos lede van die protea- en heide-families, kom behalwe in die reservaat slegs voor op enkele

vorsing in unieke natuurtuin

Die natuurtuin is die enigste natuurlike omgewing van verskeie plante, soos Staavia dodii, wat dié mooi, wit blommetjies dra.

plekke aan die Kaapse Suid- of Weskus. Dáár bedreig snelle dorpsontwikkeling egter hulle voorbestaan, sê mnr. Hugh Taylor van die Navorsingseenheid vir Plantkunde op Stellenbosch. Hy het 'n M.-verhandeling oor die natuurtuin geskryf.

Vir seelewe-navorsing bied dié unieke natuurtuin 'n kuslyn van nagenoeg 40 km – gevorm deur twee oseane.

Ook die dierelewe in die natuurtuin is vir navorsers van groot belang. Van die verskeidenheid boksoorte wat daar voorkom, word die twee groter soorte (die eland en die eens bedreigde bontebok) nêrens anders naby Stellenbosch in groot getalle aangetref nie. Oor die gedrag van die bontebok is reeds 'n studie gedoen waarin 'n natuurbewaringsbeampte van die natuurtuin bygestaan is deur 'n Stellenbosse dosent, prof. Jan Giliomee.

Dit was dan ook prof. Giliomee, hoogleraar in insektekunde aan die U.S., wat enkele jare gelede voorgestel het dat 'n bestaande gebou by Olifantsbos in die natuurtuin as 'n veldlaboratorium vir navorsing ingerig word. Op aanbeveling van prof. Richard Fuggle, hoogleraar in omgewingstudies aan die Universiteit van Kaapstad, is die navorsingstasie aan die twee universiteite beskikbaar gestel.

Op 23 April vanjaar is die sleutels van die S. H. Skaife-navorsingstasie vir Omgewingsopvoeding deur die voorsitter van die Kaapse afdelingsraad, mnr. H. J. Kriel, amptelik oorhandig aan die hoofde van die twee Universiteite, prof. J. N. de Villiers van Stellenbosch en sir Richard Luyt van Kaapstad.

Die navorsingstasie is digby 'n strandjie aan die Atlantiese kus noordwes van Kaappunt geleë. Dit is vernoom na wyle dr. Sidney Skaife, wêreldbekende natuurkenner en omgewingsbewaarder – en die man wat grootliks verantwoordelik was vir die behoud van dié gebied as 'n natuurtuin. Hy het talle boeke geskryf wat standaardnaslaanwerke vir naturkundiges is, en sy weduwee het van hierdie boeke vir die navorsingstasie geskenk.

Stellenbosse navorsers van veral die departemente Plantkunde, Soölogie, Natuurbewaring en Insektekunde kan nou maklik naweke en vakansies vir veldstudie en -navorsing in die natuurtuin oorbly.

VAN ONS DONATEURS

Mnr. G. J. de Swardt, die Stellenbosse streekbestuurder van Sanlam (regs), het onlangs die vierde paaiement van 'n skenking van R50 000 aan die Universiteit van Stellenbosch oorhandig aan die Rektor, prof. J. N. de Villiers. Prof. De Villiers het by dié geleentheid daarop gewys dat Sanlam reeds meer as R200 000 aan die Universiteit geskenk het, onder meer aan die Eeufeestrustfonds, geneeskundige navorsing, die Kweekskool, die Buro vir Ekonomiese Ondersoek en vir die bou van die Langenhoven-studentesentrum – benewens gereelde bydraes vir die Universiteitskoor, studente-aangeleenthede en borgskappe van die Universiteit se sportbyeenkomste.



Mnr. W. F. Beck, voorsitter en besturende direkteur van Mobil Oil S.A., het op 9 Mei 1977 'n tjek ten bedrae van R18 000 aan die Rektor van die Universiteit van Stellenbosch, prof. J. N. de Villiers, oorhandig. Prof. De Villiers het by dié geleentheid gesê Mobil het sedert 1961 reeds meer as R56 000 aan die Universiteit geskenk. Hierdie geld is tot groot nut bestee aan onder meer die Leeslaboratorium van die Universiteit se Kinderleidingkliniek, die Nagraadse Bestuurskool van die Universiteit en die department Chemiese Ingenieurswese. Mnr. Beck is 'n lid van die adviesraad van die Nagraadse Bestuurskool.

Met die oorhandiging van dié ruim skenking is hier, v.l.n.r. mnr. Beck, prof. De Villiers, mnr. G. N. Serrurier, skakeldirekteur van Mobil, en prof. M. J. de Vries, Vise-rektor van die U.S.

'n Skenking van R1 000 deur die onderneming Bokomo aan die Universiteit van Stellenbosch gaan gebruik word vir navorsing oor die kwaliteit van koring. Met die oorhandiging van dié skenking onlangs op Stellenbosch was v.l.n.r. mnr. J. A. Hulsman, van Bokomo-Haldenwang op Stellenbosch, mnr. N. J. A. Rust, assistent-hoofbestuurder van Bokomo, wat die tjek oorhandig het aan mnr. P. J. Lombard, direkteur van Ontwikkeling aan die U.S., prof. E. W. Laubscher, hoof van die departement Akkerbou/Weiding en prof. H. A. Louw, dekaan van die fakulteit Landbou aan die U.S.

Senator W. C. Dempsey, (links) wat voorsitter is van die plaaslike raad van Natal Bouvereniging, skenk hier namens NBS 'n tjek ten bedrae van R500 aan die Universiteit van Stellenbosch se direkteur van Ontwikkeling, mnr. P. J. Lombard. Die skenking deur NBS aan die U.S. se Eeufeestrustfonds, is op 25 Maart vanjaar gedoen.

Volkskas Beperk het op 2 Mei vanjaar nog 'n bydrae aan die Eeufeestrustfonds van die Universiteit van Stellenbosch gedoen. Hier oorhandig mnr. G. S. Fick, streekhoofbestuurder van dié bank in Kaapstad, die tjek ten bedrae van R1 500 aan die U.S. se direkteur van Ontwikkeling, mnr. P. J. Lombard. Volkskas se bestuurder op Stellenbosch, mnr. P. J. van Schalkwyk, staan links.

VAN ONS DONATEURS

Barclays Bank help die U.S. se departement Meganiese Ingenieurswese om die fabriek na die klaskamer te bring. Dié bank se studentesake-tak op Stellenbosch het die geld voorsien vir die aankoop van 'n rolprentkamera, projektor en ander bybehore wat onder meer gebruik word om syfervoorbeelde uit die praktyk vir studente in bedryfsingenieurswese visueel aan te vul. By die oorhandiging onlangs op Stellenbosch van 'n tjek van R2 000 vir die aankoop van dié rolprenttoerusting was v.l.n.r. prof. R. Reinecke, hoof van die afdeling Produksie en Bestuur in die departement Meganiese Ingenieurswese, mnr. G. Agenbach, die bestuurder van Barclays se studentetak op Stellenbosch en prof. J. W. R. de Villiers, dekaan van die fakulteit Ingenieurswese.

Nog 'n ideaal aan die U.S. is feitlik verwesenlik en daarvoor is groot dank aan die Ou Mutual verskuldig. Dié versekeringsmaatskappy het onlangs R8 000 bygedra tot die aanbring van 'n binne-oppervlak in die D. F. Malan-gedenksentrum sodat tennis en hokkie daar gespeel kan word. Kort na die oorhandiging is bekend gemaak dat die eerste tenniswedstryd in die D. F. Malan-gedenksentrum volgens voorlopige beplanning, op 25 Augustus sal plaasvind. Dié foto is geneem toe Ou Mutual se voorsitter, mnr. J. G. van der Horst (hy is ook lid van die Raad van die U.S.), die tjek ten bedrae van R8 000 aan die Rektor, prof. J. N. de Villiers, oorhandig het.

Mnr. Louis van Wyk (regs) van Massey-Ferguson (SA) Stigting vir Gevorderde Onderwys oorhandig hier die Stigting se jaarlikse bydrae tot die U.S. se Eeufeestrustfonds aan mnr. Vivian Human, ontwikkelingsbeampte van die Universiteit in Johannesburg. Sedert die ontstaan van die Stigting in 1965, is R182 000 reeds aan studente en instellings geskenk. Van 168 mense wat beurse ontvang het, het 37 aan die U.S. studeer. Massey-Ferguson is die enigste trekkermaatskappy waarvan 49% aandeelhouding Suid-Afrikaans is.



Prof. M. M. Loubser

Nuwe aanstellings en bevorderings



Prof. G. F. Lubbe

Die U.S. se twee nuutste hoogleraars is albei aan die fakulteit Regte verbonde, toe hulle studente was, was hulle klasmaats, albei is 28 jaar oud en hulle het die grade B.A. en LL.B. in dieselfde jare met onderskeiding geslaag.

Die Raad van die U.S. het goedgekeur dat dr. M. M. Loubser van 1 Julie vanjaar hoogleraar in publiekreg word, en dat adv. G. F. Lubbe vanaf dieselfde datum hoogleraar in privaatreg is. Hulle het in 1968 aan die U.S. ingeskryf. In 1970 het hulle albei die graad B.A. en in 1972 die graad LL.B. cum laude verwerf. In die daaropvolgende jaar het hulle ook saam dosent in die fakulteit Regte geword.

Prof. Loubser was in 1971–72 lid van die Maties se Studenteraad en het sedert 1974 vir twee jaar met 'n Rhodes-beurs op Oxford in Engeland studeer. 'n Doktorsgraad in vergelykende strafreg is vroeër vanjaar deur dié universiteit aan hom toegeken.

Adv. Lubbe wat as student lid was van verskeie verenigings, is sedert 1 Januarie 1973 senior lektor aan die U.S. In 1974–75 het hy die Institute of Advanced Legal Studies in Londen besoek en in Julie vanjaar het hy na Amerika vertrek waar hy aan die Universiteit van Yale sal studeer vir 'n magistergraad in die regte.

Die U.S. se Raad het ook goedgekeur dat mnr. Gerald Browne, huidige sekretaris van Finansies, tot ereprofessor in ekonomie benoem word. Dit geld van 1 Januarie 1978 vir 'n jaar. Mnr. Browne tree in September vanjaar uit as sekretaris van Finansies.

Die Raad het ook die aanstelling van verskeie senior lektore goedgekeur. Hulle is: Mnr. J. C. Coetzee (didaktiek), dr. A. W. R. Rademeyer (herstellende tandheelkunde), mnr. J. P. Schoon (besigheidsbestuur en -administrasie), dr. J. H. Smit (wiskunde), mnr. H. J. Truter (Afrikaans in die fakulteit Opvoedkunde), mnr. G. Potgieter (meganiese ingenieurswese) en mnr. C. A. W. Schumann (siviele ingenieurswese).

Nuwe lektore is: Dr. K. W. Bütow (aangestel as lektor/kliniese assistent in kaak-, gesig- en mondchirurgie), dr. M. A. Ghyoot (aangestel as lektor/kliniese assistent in anatomie), mej. M. Niemand en mej. H. C. Sword (albei in arbeidsterapie), mnr. J. J. Heese (meganiese ingenieurswese), mnr. W. J. Conradie (statistiek), mnr. R. H. J. Holemans en mnr. M. W. Coetzer (albei in elektrotegniese ingenieurswese) en mnr. H. M. de Vos (sielkunde).

Mej. A. E. Basson (arbeidsterapie), en mnr. A. F. Celliers (elektrotegniese ingenieurswese) is aangestel as junior lektore.

Nog 'n aanstelling wat bekragtig is, is dié van mnr. A. E. Channing as kurator van die John R. Ellermanmuseum in die departement Soölogie.

U.S. verbreed sy diens

Die Raad en die Senaat van die Universiteit van Stellenbosch het toestemming verleen dat bruin, swart en Asiër studente toegelaat word om te registreer vir alle nagraadse graadkursusse (honneurs-, magister- en doktorsgrade) wat dié Universiteit aanbied. Bruin, swart en Asiër studente sal ook vir voorgraadse studie aanvaar word, maar alleenlik ten opsigte van kursusse wat nie deur hulle onderskeie staatsuniversiteite aangebied word nie.

Dié aankondiging is op Stellenbosch gedoen deur die Rektor, prof. J. N. de Villiers, na afloop van 'n vergadering van die Raad van die Universiteit op 11 Junie vanjaar.

Prof. De Villiers het gesê die Raad het bepaal dat sodanige studente toegelaat sal word, met dien verstande:-

- dat toelating onderworpe sal wees aan goedkeuring deur die betrokke minister;
- dat alle geregistreerde bruin, swart en Asiër studente volwaardige akademiese status moet geniet;
- dat alle bedrywighede op die kampus in ooreenstemming is met geldende regeringsbeleid;
- dat bruin, swart en Asiër studente na toelating hulle reëlings vir huisvesting self moet tref. Die Universiteit sal hulle waar ook al moontlik behulpsaam wees;
- dat in elke geval oorleg gepleeg word met die betrokke departement en/of fakulteit van die Universiteit;
- dat die toelating van studente op so 'n wyse en in so 'n mate moet geskied dat die karakter en identiteit van die Universiteit van Stellenbosch as 'n blanke Afrikaanstalige Universiteit behoue sal bly;
- dat die Universiteit sy voorreg behou om by toelating te keur (soos dit op die oomblik die geval is met blanke studente).

Jan Boland Coetz

Die meeste van ons weet van die Jaar van die Vuuros en baie het die jaar van die Groot Droogte beleef, maar vanjaar is dit die Jaar van Jan Boland Coetzee.

Van Messina tot in Mouillepunt en van Walvisbaai tot by Verulam, oor die lengte en breedte van Suider-Afrika is dié Matie onder rugbygeesdriftiges 'n huishoudelike naam – aan almal bekend en bemind.

In die harte van duisende Maties – van die hede en die verlede – beklee hy beslis wat lede van die teenoorgestelde geslag altyd na verwys as "daardie spesiale, sagte ou plekkie". Dit is inderdaad só want vanjaar het hy die eerste man geword om 'n honderd keer in die streeptrui van die Westelike Provinsie uit te draf – dit was op Saterdag 14 Mei op die Boet Erasmus-stadion in Port Elizabeth teen die span van die O.P. En nou is hy op pad na 200 . . .

Johannes Hermanus Hugo Coetzee – hy praat soos 'n ware Bolander en vandaar die bynaam Boland – is op 20 Januarie 1945 op Porterville gebore en het sy skoolopleiding op Lambertsbaai en Malmesbury geniet. Hy het die graad B.Sc. in wingerdkunde/wynkunde (dié twee vakrigtings word sedert verlede jaar as afsonderlike hoofvakke aangebied) en chemie aan die U.S. behaal. (Vir nagraadse studie bied sy spogwynplaas Kanonkop, nie ver buite die Eikestad geleë nie, talle geriewe vir navorsing.)

Links: Jan Boland Coetzee en die drie mense wat vir hom die meeste saak maak. Cornelia sit op sy skoot en Hanlé wat so onnutsig glimlag, sit voor sy aanvallige vrou, Annette. Annette is die gesin se "statistikus". Wanneer vrae oor Boland se rugbyloopbaan gestel word, verskaf sy die antwoorde. Dié foto is op Jan Boland se spogwynplaas, Kanonkop, geneem, kort voor die eerste kragmeting tussen die W.P. en Noord-Transvaal op 11 Junie vanjaar. Die wyne wat Jan Boland op Kanonkop maak, is landwyd bekend. Só byvoorbeeld het sy Cabernet Sauvignon 1973 W.O. op verlede jaar se skou vir gebottelde wyne wat in die Eikestad gehou is, 'n goue medalje ingeoes.

Regs: Die Leeu van Coetzenburg soos Suid-Afrikaanse rugbygeesdriftigers hom ken – kop omlaag, besig met 'n verwoestende stormramlopie. Wanneer Jan Boland só op loop sit, beteken dit keerwerk vir twee of drie man. Dié foto is vanjaar op Coetzenburg geneem toe Maties Ikeys met 48–9 kafgedraf het. Boland Coetzee is ook landswyd daarvoor bekend dat hy nie maklik seerkry nie. Hy is rateltaai en het byvoorbeeld verlede jaar met 'n erg-beseerde elmboog in drie van die vier toetse teen Andy Leslie se All Blacks gespeel. Te oordeel aan die voortreflike spel wat hy gelewer het, het die besering hom glad nie gehinder nie.

ee op pad na 200

Boland Coetzee het 'n rapsie meer as tien jaar gelede die eerste keer vir die Westelike Provinsie gespeel. Dit was op 10 Junie 1967 teen Vrystaat.

Ná 14 wedstryde vir die W.P. is hy die eerste en enigste keer in sy loopbaan tot dusver weggelaat vir 'n kragmeting teen Natal.

In die meer as tien jaar en 109 wedstryde van die W.P. (tot en met 30 Julie se kragmeting teen Noord-Transvaal) was daar net ses keer wat Jan Boland Coetzee nie daar was nie – en dit is 'n prestasie wat mens beslis nie aldag van hoor nie.

Jan Boland hou ook die rekord vir die meeste drieë deur 'n W.P.-speler. In die kragmeting teen Grens vanjaar het hy sy totaal opgeskuif na 32. Daarmee het hy die rekord van 31 drieë wat hy saam met Alan Read gehou het, geslaan.

Hy het in 1974 Springbok geword toe hy gekies is vir die eerste toets teen die Britse Leeus van Willie-John McBride. Die volgende jaar het hy in die tweede toets teen die Franse as plaasvervanger op die veld gegaan en verlede jaar het hy in al vier toetse teen die All Blacks uitgedraf.

Baie groot spelers het Boland Coetzee al gekomplimenteer, maar die woorde van Willie-John McBride op die vooraand van die tweede toets tussen die Britse Leeus en die Springbokke in Pretoria sal deur diegene wat dit aangehoor het, onthou word solank as wat rugby in Suid-Afrika gespeel word.

"Coetzee is a man's man. He sure can mix it and undoubtedly is the best loose forward we've played against in this country. How your selectors could have overlooked him for tomorrow we'll never know, but we certainly are pleased."

Jan Boland Coetzee – hy is nou 32 – is van dieselfde kaliber as Frik du Preez en Colin Meads en hulle het op 38-jarige leeftyd nog groot rugby gespeel. Die Leeu van Coetzenburg het dus nog 'n paar blink jare wat voorlê . . .

BESTUURSKO
SY STEM DI

Van tyd tot tyd word daar in die nuusmedia gewag gemaak van die tekort aan bestuursvernuf in Suid-Afrika. Daar word gewoonlik op gewys dat die land oor die mannekrag beskik, maar dat daar 'n ernstige tekort aan voldoende bestuurskennis en -vaardighede onder alle bevolkingsgroepe bestaan. "Die vermoë en talente is daar, maar dit moet ontwikkel word," word gesê. Op dié gebied lewer die Universiteit van Stellenbosch se Nagraadse Bestuurskool 'n belangrike bydrae.

Die Nagraadse Bestuurskool het in 1970 amptelik tot stand gekom. Hoewel studente reeds sedert 1964 op 'n deeltydse basis vir die magistergraad in besigheidsbestuur en -administrasie ingeskryf het, is die Bestuurskool eers in 1970 deur die staat as 'n departement erken en is die departement Besigheidsbestuur en -Administrasie gestig.

Tussen 1964 en 1969 is die Bestuurskool onder uiters moeilike omstandighede aan die gang gehou. Daar was nie 'n enkele permanente personeellid nie en geen administratiewe ondersteuning nie. Alle werk verbonde aan die aanbieding van die M.B.A.-program is deur prof. Van der Meulen op 'n deeltydse basis gedoen as deel van sy normale verpligtinge as hoof van die departement Bedryfsekonomie.

Gedurende dié tydperk is hoofsaaklik van buitelandse dosente gebruik gemaak om kursusse aan te bied saam met 'n aantal dosente van die fakulteit Handel en Administrasie van die Universiteit van Stellenbosch wat gedeeltes van die program aangebied het.

Alle bestuursvakke soos bemarkingsbestuur, produksiebestuur, finansiële bestuur en algemene bestuur is aangebied deur besoekers wat hoofsaaklik uit Europa gekom het. Dosente van Hollandse en Belgiese universiteite, maar spesifiek van die universiteit van Gent, het 'n groot bydrae gelewer.

Met die aanvang van klasse in 1970 was die Bestuurskool in dié penarie dat daar nie 'n meubelstuk, klaslokaal of kantoor beskikbaar was nie. Die skool was aangewese op die leen van lokale waar dit ookal beskikbaar was tot tyd en wyl die universiteit 'n huis in Merrimanlaan, Stellenbosch, aangekoop het, dit vinnig afgewit en prof. Van der Meulen uit eie sak matte in die huis gegooi het om dit darem 'n bietjie meer aantrekliker te maak.

In daardie stadium was dit nog die gedagte dat die voltydse program steeds in Stellenbosch aangebied sou word weens die beskikbaarheid van losies en veral aangesien die grootste persentasie van die sowat 20 voltydse studente direk ná 'n B-graad by die Bestuurskool ingeskryf het.

Aan die begin van 1971 is drie spesialisasierigtings, t.w. gevorderde algemene bestuur, bemarking en finansies, ingestel. In daardie stadium het vyf studente ingeskryf en het die personeel van die Bestuurskool uit drie voltydse dosente bestaan.

Met die finansiële ondersteuning van die Stellenbosch Boerewynmakery Beperk kon die Bestuurskool gebruik maak van besoekende dosente van oorsee om dié spesialisasierigtings aan te bied en hulle was besonder gewild onder studente.

In 1972 is daar onder die leiding van prof. R. Tusenius, wat in daardie stadium direkteur van die Bestuurskool geword het, besluit om na Bellville te verskuif waar voltydse en deeltydse klasse aangebied sou word.

In dieselfde jaar is ook besluit dat geen student meer toegelaat sou word om direk vir die M.B.A.-kursus in te skryf alvorens hy nie praktiese ondervinding opgedoen het nie. Die gevolg was dat die voltydse program 'n daling in studentetalle ondervind het.

Die verskuiwing na Bellville het nietemin die gevolg gehad dat heelwat meer deeltydse studente as voorheen by die kursus aangesluit het, en dat doeltreffender gebruik van die bestaande personeel gemaak kon word.

Aan die begin van 1976 is prof. H. Muller as direkteur aangestel. Hy het hom beywer vir die uitbreiding van programme en personeel. Teen die einde van verlede jaar is die personeel van die Bestuurskool dan ook uitgebrei en beskik dit tans oor vyf voltydse professore, vyf senior lektore en een senior navorser met 'n volwaardige administratiewe personeel.

Die afgelope aantal jare is 'n gesonde styging in studentetalle ondervind. Vanjaar het 130 studente hulle by die Nagraadse Bestuurskool ingeskryf, en hiervan het 56 dit die eerste keer gedoen, hetsy voltyds of deeltyds.

Van die studente wat vanjaar die eerste keer ingeskryf het, is sowat 60% Afrikaanssprekend en 40% Engelssprekend. Die gemiddelde ouderdom van die studente wat tans kursusse bywoon, is 29.

Hulle kwalifikasies dek 'n wye veld. Die meeste het 'n graad in die handelswetenskappe (32% van die totaal) gevolg deur natuurwetenskappe (24%) en ingenieurswese (16%). 'n Verskeidenheid van rigtings is voorheen deur die huidige M.B.A.-studente gevolg, bv. bosbou, regte, tale, geologie, landbou en bourekenkunde.

Sedert 1970 het 275 studente reeds 'n nagraadse kwalifikasie aan die Bestuurskool verwerf.

Die Nagraadse Bestuurskool bied 'n verskeidenheid programme aan.

OL MAAK
K



deur
Arminius Archer

Die hoofdoel van die M.B.A.-program is om belangstellende manne en vroue te ontwikkel tot dinamiese sakelui wat spesialiseer in rigtings van hulle eie keuse en belangstelling.

Met die besef dat Suid-Afrika egter nie net senior bestuurders nodig het nie, word aandag ook geskenk aan opleiding van sakelui op alle bestuursvlakke onder alle bevolkingsgroepe.

'n Leemte wat in 1975 veral sterk gevoel is, was die behoefte aan geriewe en fondse vir navorsing.

Hierdie behoefte het gelei tot die stigting van die Instituut vir Entrepreneurskap en Bestuurswese onder die vleuels van die Nagraadse Bestuurskool.

Die Instituut is gestig om navorsing te doen in verband met die praktiese probleme in die Suid-Afrikaanse sakeomgewing, om handboeke en ander kursusmateriaal vir publikasie voor te berei en om onafhanklike entrepreneurs en bestuurders van klein ondernemings op te lei.

Gedurende 1976 het die personeel van die Instituut hulle hoofsaaklik daarop toegespits om bruin sakelui in die Kaap op te lei deur gereelde aanbieding van programme in Kaapstad en plattelandse dorpe in Kaapland.

Dr. Sandra van der Merwe, senior lektrise aan die Nagraadse Bestuurskool, is hier voor die M.B.A.-klas van vanjaar afgeneem. Dr. Van der Merwe was die eerste vrou in Suid-Afrika wat die graad D.B.A. verwerf het.



Programme is ook vir swart sakelui in Natal en Transvaal aangebied.

Vanjaar word dié programme uitgebrei na ander dele van die land. Oor die 300 sakemanne en -vroue het reeds dié kursusse bygewoon.

Van vanjaar bied die Bestuurskool die eerste keer 'n gestruktureerde doktorale-program aan. Hierdie program is daarop gemik om mense wat hulle reeds as bogemiddelde studente bewys het, verder te bekwaam vir gevorderde posisies in die privaat en openbare sektor en as dosente aan universiteite. Die program verg ongeveer twee jaar formele studie en navorsingswerk ná verkryging van die M.B.A. of gelykstaande kwalifikasie en dan nog 'n jaar vir die voltooiing van 'n proefskrif. Tans is 21 studente ingeskryf vir die D.B.A.-graad.

Die Bestuurskool bied ook 'n verskeidenheid ander programme op gereelde basis aan.

Een van die programme is die Dosente-Ontwikkelingsprogram wat op tussen-universitêre basis gereël word. Die program is in 1975 van stapel laat loop en die eerste twee byeenkomste, onderskeidelik op Stellenbosch en by Unisa in Pretoria, is deur 260 dosente van alle universiteite in Suid-Afrika en Rhodesië bygewoon. Die doelstellings van die program is die stimulering van, en bystand in verband met die opleiding van dosente in bestaande en nuwe onderrigmetodes in bestuurswese en die ekonomiese en verwante dissiplines asook om studente in gespesialiseerde vakke die geleentheid te bied om die jongste ontwikkelings in hulle vakgebied te evalueer vir moontlike insluiting in hul leerplanne.

'n Tweede program wat vanjaar die eerste keer aangebied is, was die parlementêre program waartydens opleiding in die ekonomie en finanswese aan parlementariërs gegee is.

Dié program sal hopelik in die toekoms 'n jaarlikse instelling word.

Verskeie programme, gemik op die opleiding van senior en middelbestuur, is gedurende die afgelope paar jaar deur die Bestuurskool aangebied.

Verlede jaar is die eerste program vir Publieke Bestuur en Administrasie (P.B.A.) aangebied.

Hierdie program, wat 'n residensiële kursus oor 14 dae behels, het baie goed verloop en die tweede een word reeds vanjaar in Augustus aangebied.

Die doelstellings van die program is om 'n begrip vir die jongste sakekonsepte en tegnieke in 'n praktiese bestuursituasie te stimuleer, om analitiese bestuursvaardighede in die oplos van hedendaagse sakeprobleme te ontwikkel en om moderne bestuurstegnieke in die Suid-Afrikaanse verband te bestudeer.

In die program word van plaaslike sowel as oorsese dosente met wye ervaring gebruik gemaak.

Die Bestuurskool is tans gehuisves in opslaangeboue wat van die Kaapse Provinsiale Administrasie gehuur word. Dié geboue moet binne drie jaar ontruim word. 'n Permanente gebouekompleks word vir die Skool op die nuwe Satellietkampus van die Universiteit van Stellenbosch op Durbanville beplan.

Dié kompleks sal bestaan uit akademiese geboue met onder meer klaslokale, 'n seminaarsaal vir senior bestuur en daar sal ook voorsiening gemaak word vir huisvesting aan studente.

Die boukoste word geraam op R3 miljoen.

alle soorte
drukwerk, verpakking,
tydskrif- en
boekpublikasie,
asook
advertensie-
promosie

tel:53-2011 Kaapstad
tel:836-9391 Jhb.

TRIO-RAND

TRIO-RAND·S.A.LITHO
GROEP VAN MAATSKAPPYE

TRIO-RAND DRUKKERS, S.A.LITHO,
PREMIER STATIONERY, REPROGRAPH
REPRODUCTIONS, AFRIC MAIL ADVERTISING,
MASKEW MILLER, KRAFTPAK,
STANDARD PRESS, SPECTRUM OFFSET,
DAGBREEK PERS (KAAP), KOMPERPRINT,
PLASTICWRAP

Herfsskool '77 nog 'n sukses

deur
James Swart

Die U.S. se Herfsskool, wat vanjaar van 4 tot 7 April gehou is, was soos dié in 1975 en verlede jaar, 'n groot sukses.

Altesaam sewe temas en 'n uitstappie na Saldanha is aangebied. Die temas was Fokus op Wes-Kaapland, Afrikakultuur en -denke, Wyn, Geestesgesondheid, Kuns, Swamme en Sampioene en Die Regsposisie van die Vrou.

Anders as in die verlede is die program so saamgestel dat daar feitlik deurgaans twee lesings gelyktydig aangebied is. Dit het verseker dat kursusgangers hulle tyd so goed moontlik kon benut om lesings by te woon, en indien hulle nie in 'n besondere lesing belanggestel het nie, was daar altyd 'n alternatief.

Die lesings is baie goed ondersteun. Die reeks oor Afrikakultuur en -denke het, soos al die vorige politieke temas, weer eens die meeste inskrywings gelok.

Uitstappies bly altyd gewild, en vanjaar se uitstappie na Saldanha is ook besonder goed ondersteun. Die eindpunt van die ertsuitvoerhawe en die Militêre Akademie is besoek. Die uitstappie is afgesluit met 'n vaart op 'n pletterboot in die baai, en dit het die kursusgangers 'n beter begrip gebied van die presiese omvang van die projek op Saldanha. Die Suid-Afrikaanse Spoorweë, die bevelvoerder van die Militêre Akademie en die bevelvoerder van S.A.S. Flamingo se vriendelike samewerking het gesorg vir 'n uitstappie wat lank onthou sal word.

Soos reeds vermeld, is die lesings goed bygewoon en hulle was ook genotvol en leersaam. Maar, veral twee lesings moet uitgesonder word – dié van Khabi Ngoma oor Bantoemusiek en dié van mnr. Justus Tshungu, die bekende TV- en radiopersoonlikheid, wat gepraat het oor die onderwerp Misverstand oor die Bantu.

Die polsende ritme van mnr. Ngoma se program het kursusgangers ruim 'n uur langer in die saal gehou as wat beplan was.

Mnr. Tshungu, wat die volgende aand in Johannesburg aangewys is as die beste TV-persoonlikheid, het gesê die blanke sal die swartman net verstaan indien hy daagliks op elke terrein met hom dialoog voer en probeer om sy kultuur te bevorder. Hy het 'n sterk pleidooi vir wedersydse begrip gelewer en gesê die swartman moet nie 'n namaaksel van die blanke gemaak word nie. Die swartman sal nooit verander nie. Al praat hy Afrikaans, kan hy nooit 'n Afrikaner word nie.

Mnr. Tshungu, wat die groot gehoor telkens laat skater het met sy kwinkslae, het gesê die Christendom en sport is twee belangrike terreine waarop gewerk moet word sodat blank en swart mekaar kan vind.

Die eerste Herfsskool in 1975 het 'n rapsie meer as honderd kursusgangers gelok, die tweede Herfsskool verlede jaar bietjie meer as 200 en vanjaar was daar 309 inskrywings.

Vir die vierde Herfsskool aanstaande jaar is ons visiere ingestel op 400 of meer. Maak seker dat u daar is.

1930 TOT '40 SE MATIES TREK SAAM

Oud-Maties wat tussen die jare 1930–1940 student was, word uitgenooi na 'n eendaagse saamtrek op DONDERDAG, 1 DESEMBER 1977. Die reëlings word deur mnr. Andries Esterhuyse, Adjunk-direkteur van Ontwikkeling, getref. Uitnodigings sal in Oktober uitgestuur word aan al die Oud-Maties van hierdie jare oor wie se adresse die departement van Ontwikkeling beskik.

Die jaarlikse vergadering van die KONVOKASIE vind Donderdag 1 Desember in die H. B. Thom-teater plaas.

Helderberg soek hulp

Aangesien daar op Stellenbosch so 'n groot belangstelling in muurbal heers dat mense oornag tou staan om as klublede in te skryf, beplan Helderberg om sy eie muurbalbaan te bou.

Dit is egter geweldig duur en 'n bedrag van R20 000 word benodig. Hiervan is die universiteit bereid om die helfte te dra, en die koshuis moet die res, naamlik R10 000 vind. Aangesien dié aanbod nie onbepaald van krag sal bly nie, is daar besluit om die projek so gou as moontlik deur te voer.

Gedurende die Septembervakansie wend Helderberg 'n grootse poging aan met 'n trapkarwedren van Port Elizabeth na Stellenbosch. Vyftien manne beoog om die 760 km binne agt dae af te lê. Deur 'n kompetisie waarin bereken moet word hoe lank die rit sal duur, beoog die koshuis om R4 000 in te samel. 'n Bekende versekeringsmaatskappy borg die marathon en voorsien die pryse.

Nog R6 000 is egter nodig en op die oomblik is al moontlikheid om dit te bekom deur 'n lening aan te gaan. Daarom wend Helderberg hom tot oud-Helderbergers in die hoop dat u kan help om hierdie groot struikelblok te oorkom.

Ons sal so spoedig moontlik persoonlik met u in verbinding tree en sê by voorbaat dank.

Ons roep oud-atlete

Die Stellenbosch-atletiekklub soek die name en adresse van al die klub se oud-lede, om hulle gereeld op hoogte te hou van ontwikkelinge aan die atletiekfront op Stellenbosch – en ook met die oog op 'n atletiekreüniebyeenkoms later vanjaar in die Eikestad. Skryf aan Die Sekretaris, U.S.-atletiekklub, Sportkantoor, Stellenbosch.

Onder: Die U.S. se Vise-kanselier, dr. J. S. Gericke, het op Sondag 5 Junie vanjaar sy demissie van die N.G. gemeente Stellenbosch-Sentraal ontvang, nadat hy 31 jaar in die Eikestad by studentebearbeiding betrokke was. Sy gemeente het vir hom en mev. Gericke 'n afskeidsgeselligheid in die stadshuis gereël wat onder meer deur die Eerste Minister en mev. Vorster bygewoon is. Op die foto wat by dié geleentheid geneem is, steek die agtjarige Bets Hamman vir dr. Gericke 'n angelier aan. Dr. Gericke het sy afskeidspreek vir studentelidmate gelewer na aanleiding van Sag. 8: 23. Hy bly aan as Vise-kanselier van die U.S., 'n pos wat hy reeds 24 jaar beklee. Hy dien sedert 1948 in die Universiteitsraad.



Regs: 'n Buitengewone eer het die bekende prof. F. C. Fensham, hoogleraar in Semitiese tale aan die U.S., onlangs te beurt geval toe hy 'n medelid van The British Society of Old Testament Studies geword het. Hierdie lidmaatskap word net toegeken aan enkele buitelandse geleerdes. Prof. Fensham is ook op 22 Junie verkies as lid van die nuwe Akademieraad van die S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns. Hy is ook lid van die U.S. se Raad.

Bo: Die Britse Tandheelkundige Vereniging het ná 'n ondersoek vroeër vanjaar besluit om die opleiding van die fakulteit Tandheelkunde aan die U.S. ten volle te erken vir registrasie in Brittanje. Dié besluit dui op die hoë peil van opleiding wat die Universiteit se studente in die tandheelkunde geniet, het die Vise-rektor, prof. M. J. de Vries, gesê toe hy op 14 Junie die hoofspreker was by die belofteplegtigheid van die fakulteit Tandheelkunde op Parowvallei.

Die 16 nuwe tandartse wat aan die belofteplegtigheid deelgeneem het, was die tweede groep finalejaarstudente vir die graad B.Ch.D. wat aan die Universiteit afgestudeer het. Hulle ontvang hulle grade met die Universiteit se hoofgradeplegtighede in Desember op Stellenbosch.

Saam met prof. De Vries en die dekaan, prof. F. X. Prins, (tweede en derde van links) is vier van die studente wat buitengewoon gepresteer het. Heel links is dr. V. J. Miller, wat die vak gemeenskapstandheelkunde met onderskeiding geslaag het en die S.A. Vereniging vir Periodontiste se prys ontvang het as die finalejaarstudent wat in mondgeneeskunde en periodonsie die beste gepresteer het. Hy is ook die eerste student wat die fakulteit se Donateursprys verower het. Langs hom is dr. J. E. Hartshorne, wat die vakke gemeenskapstandheelkunde en tandheelkundige prostestiek met onderskeiding geslaag het en vyf toekennings ontvang het: die T.V.S.A. se goue medalje vir buitengewone prestasies tydens sy studieloopbaan, die J.F. van der Sand de Villiers-gouemedalje vir die finalejaarstudent wat die beste in ortodonsie gepresteer het, die T.V.S.A. se bronsmedalje as die beste student in herstellende tandheelkunde, en twee PROSSA-pryse as die beste student in tandheelkundige prostetiek en in kroonbrugterapie.

Langs prof. Prins is dr. H. J. Burger, ontvanger van die T.V.S.A.-bronsmedalje as beste student in kaak-, gesig- en mondchirurgie, en dr. M. S. van der Linde, wat die T.V.S.A. se Henry St. John Randell-bronsmedalje verower het vir die student wat gedurende sy studiejare uitnemende eienskappe van karakter, persoonlikheid, leierskap en sportmanskap aan die dag gelê het.

Regs: Prof. H. B. Thom, voormalige Rektor van die U.S., is onder diegene aan wie die erepenning van die Stigting Jan van Riebeeck vanjaar toegeken is. Dié toekenning is vanjaar die eerste keer verleen. Prof. Thom is vereer deur die Stigting vir sy grootste werk, Van Riebeeck se Dagregister. Die erepenning is ook aan die Kaapstadse stadsraad verleen wat jaarliks nog Van Riebeeckvierings hou, hoewel 6 April nie meer 'n amptelike vakansiedag is nie. Die erepennings is aan prof. Thom en die burgemeester van Kaapstad, mnr. John Tyers (namens die Kaapstadse Stadsraad), oorhandig op 'n plegtigheid op 16 Junie in die stadsaal van die Moederstad. Hier kyk prof. Thom na die vergulde erepenning wat mnr. Tyers in die hand het. Die ander op die foto, is v.l.n.r. mej. Tammy Alberts, mev. Maria Thom en mej. Jeanette Rossouw. Mejj. Alberts en Rossouw, albei dramastudente aan die U.S., het kleur aan die plegtigheid verleen deurdat hulle geklee was in die kerkdrag van die Amsterdamse weeshuis. Die oorhandigings aan prof. Thom en mnr. Tyers is gedoen deur dr. Willem Punt, nasionale voorsitter van die Stigting Jan van Riebeeck.

Links: Die dames van die departement Huishoudkunde aan die U.S. het weer eens bewys hoe op en wakker hulle is deur op 15 en 16 Junie vanjaar 'n simposium te reël vir die "oordeelkundige verbruiker". En hulle het sommer 'n hele aantal groot kanonne genader om referate voor te dra. Hier staan prof. Leonie van Heerden, hoof van dié departement by (v.l.n.r.) mnr. Johann Verheem, direkteur van die S.A. Koördinerende Verbruikersraad, mnr. Raymond Ackermann, besturende direkteur van Pick 'n Pay en mnr. Ivan Mouton van die U.S. se afdeling Beplanning. Dié drie here was onder die 11 mense wat op die twee dae referate voorgedra het.



Links: Dr. George Craven van die departement Akkerbou-Weiding aan die U.S., het die Jan de Waaltoekenning van die Misstofvereniging van Suid-Afrika ontvang vir die beste wetenskaplike referaat wat gedurende die jaar deur 'n jong navorser gepubliseer word. Die titel van die referaat was Growth, Physiology and Endosperm Composition of Wheat Cultivars grown under different Conditions. Dr. Craven is die oudste seun van dr. Danie Craven, direkteur van Sport aan die U.S.



Bo: Die U.S. se Kanselier en Eerste Minister van Suid-Afrika, dr. B. J. Vorster, het in April vanjaar ondanks 'n druk parlementêre program nogtans sy weg oopgevind om studente in die fakulteit Regte te kom toespreek oor konstitusionele gebruike in die parlement. Hy is deur die Juridiese Vereniging genooi. Hier is die Kanselier afgeneem saam met prof. A. B. de Villiers, hoogleraar in die departement Regte.

Regs: Die wêreldberoemde krieketspeler, Conrad Hunte, wat onderkaptein van Wes-Indië was tot met sy uittrede 'n dekade gelede, het vroeër vanjaar saam met die gewese Springboklosvoorspeler van die jare dertig, George Daneel, 'n besoek by die Maties se direkteur van Sport en grootbaas van rugby in S.A., dr. Danie Craven, afgelê. Hy het die land besoek saam met lede van die internasionale Morele Herbewapeningsbeweging. Hunte het aan Dok Craven gesê hy is beïndruk met Suid-Afrika se sportbeleid en hy sien uit na die dag wanneer Suid-Afrika weer sy volle aandeel aan internasionale sport sal hê. Hy het 'n paar groot wedstryde in die Republiek gesien en het net lof vir ons krieket. Die 44-jarige Hunte het 44 toetse, 3 245 lopies, agt honderdtalle en 'n hoogste totaal van 260 vir Wes-Indië agter sy naam. Hier sit hy (regs) saam met Dok Craven en George Daneel (links).

Bo: Trish Wood, 19, van die Universiteit Rhodes is Vrydag 13 Mei tydens 'n spogbal in die Langenhoven-studentesentrum aan die U.S. gekroon as Mej. S. A. Kampus. Die kroningsplegtigheid is waargeneem deur die Universiteit se direkteur van Ontwikkeling, mnr. Piet Lombard, in sy hoedanigheid as burgemeester van Stellenbosch. Hier hang mnr. Lombard vir Mej. Wood die serp om. Oomblikke later het hy haar gekroon as top-skoonheid op die kampusse van tien Suid-Afrikaanse universiteite.

Onder: Dr. C. Distante, tweede van links, het Stellenbosch onlangs verlaat ná drie jaar as dosent in Italiaanse letterkunde aan die Universiteit. Sy verblyf in die Eikestad is moontlik gemaak ingevolge 'n kultuurbevorderingsprogram van die Italiaanse regering. Hy is tans verbonde aan 'n Italiaanse kultuurinrigting in Sao Paulo, Brasilië. By die ete waarop van dr. Distante afskeid geneem is, was ook v.l.n.r. prof. A. Nel, dekaan van die fakulteit Lettere en Wysbegeerte, die Rektor, prof. J. N. de Villiers, en dr. A. Zamboni, die Italiaanse konsul in Kaapstad.

Heel onder: Honneurs-student mej. B. E. van Dyk ontvang die Edrich-beurs vir 1977 van mnr. H. Lubbe, 'n venoot van die firma wat dié beurs al verskeie jare toeken. Die beurs is vir nagraadse studie in maatskaplike werk. Regs is dr. A. Muller van die departement Maatskaplike Werk.

Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns se Hertzogprys vir Afrikaanse Letterkunde is vanjaar toegeken aan die digteres Wilma Stockenström (links), wat in die jare vyftig dramastudent aan die U.S. was. Sy het die Akademie se hoogste literêre toekenning verower vir haar digbundel Van Vergetelheid en van Glans. Prof. Chris Garbers (regs), hoogleraar in chemie aan die U.S., het die Havengaprys vir chemie verower. Dr. A. J. A. Roux, die bekende Oud-Matie wat voorsitter is van die Raad op Atoomkrag, het die M.T. Steynprys vir fisika ontvang. Die Scheepersprys vir jeuglektuur is toegeken aan die skrywer Jan Rabie vir sy Seeboek van die Sonderkossers. Hy het die grade B.A. en M.A. aan die U.S. verwerf. Nog 'n Oud-Matie, mej. Annie Basson, is die eerste ontvanger van die Akademie se TV-prys. Sy was regisseuse van Duskant die Grootsee wat aangewys is as die beste Afrikaanse dokumentêre program op TV.



Links: Die sesde deel van die Woordeboek van die Afrikaanse Taal (W.A.T.) wat op 4 Mei verskyn het, is onlangs in sy ampswoning in Kaapstad aan die Staatspresident, dr. N. Diederichs, oorhandig. V.l.n.r. is prof. J. N. de Villiers, Rektor van die U.S. en ondervoorsitter van die W.A.T. se beheerraad, dr. P. G. J. Koornhof, minister van Nasionale Opvoeding en van Sport en Ontspanning, en president Diederichs. Die oorhandiging is gedoen deur dr. Koornhof.

Regs: Die Universiteit het vroeër vanjaar afskeid geneem van mnr. Stan Turner wat as bouer byna 20 jaar (sedert 1957) verantwoordelik was vir die oprigting van talle geboue op die kampus. 'n Pragalbum wat foto's bevat van dié geboue en in leer gebind is met die wapen van die U.S. goudkleurig buite op gedruk, is as afskeidsgeskenk aan hom oorhandig. Hier kyk mnr. Turner (links) saam met die Rektor, prof. Jannie de Villiers, na die album. Regs staan mnr. John Collins, die argitek van al die geboue wat mnr. Turner op die kampus opgerig het.

Regs: Oud-Matie mnr. Dirk Visser, tot onlangs Suid-Afrikaanse pers- en inligtingsraad in Argentinië, is as openbare skakeloffisier van die Vloot in Simonstad aangestel. Mnr. Visser – wat as Suid-Afrikaanse diplomaat onder meer in Londen, Rome, Madrid en Den Haag diens gedoen het – is 'n bekende in sportkringe. Hy het uitgeblink in rugby, en het Noord-Transvaalse kleure in bofbal verwerf.

Regs: Geograaf dr. Victor Prescott is 'n Australiër wat sommer baie van Stellenbosch hou. Ná 'n kort verblyf as besoekende dosent in die Eikestad enkele jare gelede het hy vroeër vanjaar weer tien dae vir die Matie-geografiestudente klasgegee. Hy het Suid-Afrika as gas van die Departement van Inligting besoek. In Australië is dié Britsgebore skrywer van talle boeke en navorsingstukke 'n bekende radio- en perskommentator oor Afrikasake. Mev. Prescott en hulle tienderjarige dogter het Stellenbosch saam met hom besoek.

Vanjaar se Intervarsity tussen Maties en Ikeys was die laaste op Coetzenburg se hoofrugbyveld waar beroemde Matierugbyspelers soos Danie Craven, Piet "Spiere" du Toit, Mannetjies Roux en vele ander hulle spore gelaat het. 'n Nuwe rugbystadion word onmiddellik oos van die huidige op Coetzenburg opgerig, en konstruksiewerk het reeds begin. Hier kyk die Maties se sportsekretaris, mnr. Piet Retief, na 'n model van die nuwe stadion wat aanstaande jaar voltooi sal wees.



Bo: Die aangewese hoofregter van Bophuthatswana, regter V. G. Hiemstra, wat die graad B.A. aan die U.S. verwerf het, is vir 'n termyn van vyf jaar aangewys as Kanselier van die Universiteit van Suid-Afrika. Regter Hiemstra het in 1929 op 15-jarige ouderdom gematrikuleer en voordat hy deur middel van deeltydse studie die graad LL.B. aan die U.K. verwerf het, het hy as koerantman gevorder tot hoofsubredakteur in die redaksie van Die Burger.

Regs: Adv. D. P. de Villiers, 'n bekende Oud-Matie, was een van drie vooraanstaande Suid-Afrikaners aan wie eredoktorsgrade op 17 Junie deur die Universiteit van Kaapstad verleen is. 'n Eredoktoraat in die regte is aan adv. De Villiers, besturende direkteur van Nasionale Pers, toegeken. Hier sit hy (middel) saam met prof. W. H. Hutt, voormalige dekaan van die fakulteit Handel van die U.K. (links) en prof. G. R. Bozzoli, Vise-kanselier en Rektor van die Universiteit van die Witwatersrand wat ook albei eredoktorate in die regte ontvang het.



Links: Die Kaapse Drie-Eeue-Stigting het in April vanjaar 'n spesiale prys aan dr. Anton Rupert, groot donateur van die U.S., oorhandig ter waardering vir sy bydrae tot die bewaring van historiese geboue en die bevordering van die kunste. Hier ontvang dr. Rupert (links) die prys, 'n beeldhouwerk deur Bill Davis met die titel Marble Figure in Landscape, van prof. H. B. Thom, ondervoorsitter van die Stigting. Die oorhandiging is voor 'n genooide gehoor in die historiese Burgerhuis op die Braak gedoen.

Regs: 'n Simposium met die tema Die Skepping van Omgewingsbewustheid, is op 5 en 6 April saam met die jaarvergadering van die Habitatraad op Stellenbosch gehou. Die Habitatraad is 'n nasionale koördinerende liggaam van feitlik alle organisasies wat met bewaring van die omgewing gemoeid is. Dit dien ook as skakel tussen die publiek en die owerheid wat betref omgewingsaangeleenthede. Op dié foto wat kort voor die aanvang van die simposium geneem is, is v.l.n.r. mnr. Jean du Preez, sekretaris van die Habitatraad, dr. K. E. W. Penzhorn, voorsitter van die Nasionale Veldtrust, mnr. W. A. de Klerk, skrywer en omgewingsbewaarder en prof. P. R. Botha, voorsitter van die Habitatraad en hoogleraar in landskapsargitektuur aan die Universiteit van Pretoria.

Links: 'n Groot aantal oud- en huidige bewoners van die manskoshuis Huis Marais op Stellenbosch het van Vrydag 22 tot Sondag 24 April in die Eikestad saamgetrek vir 'n reünie ter viering van die 30e bestaansjaar van dié koshuis. Onder die oud-inwoners wat teenwoordig was, was hierdie dosyn eerste inwoners van die koshuis in 1947. Agter v.l.n.r. A. F. Kriel van Wellington, Dirk Mudge van Windhoek, J. P. Bouwer en Johan Marais van Stellenbosch, J. Mansfield van Kaapstad, Klaus Schwietering van die U.S. se fakulteit Regte (die eerste onder-primarius) en J. Smith van Kraaifontein. Voor v.l.n.r. Nic de Klerk van die departement Ontwikkeling aan die U.S., Eben Greyling van die Strand, Koos "Koning" van der Merwe van Breërivier, ds. Tobie de Clercq van Stellenbosch (die eerste primarius) en Piet Stofberg van Rawsonville.

Regs: Lede van die Universiteit van Stellenbosch se Kleurlingwerknemersvereniging het onlangs 'n spoggerige besoekersboek aan die U.S. geskenk vir gebruik in die H. B. Thom-teater. Lede van dié vereniging het self die geld bymekaar gemaak om die besoekersboek te laat maak. Dit het 'n maroenkleur en die wapen van die U.S. pryk voor op. Dit het bykans R150 gekos. Hier oorhandig mnr. H. Dawidse, voorsitter van die vereniging, die besoekersboek aan mnr. Piet Lombard, direkteur van Ontwikkeling, wat dit namens die Universiteit in ontvangs geneem het. Die foto is in die H. B. Thom-teater geneem waar die oorhandiging plaasgevind het.



Links: Die dekaan van die fakulteit Regsgeleerdheid, prof. Andreas van Wyk, het verskeie regsfakulteite in Amerika vroeër vanjaar besoek as gas van die United States South Africa Leadership Exchange Programme (Ussalep). Prof. Van Wyk – wat ook Brasilië besoek het om met mederegsgeleerdes samesprekings te voer – is vergesel van sy vrou, wat dosente in huishoudkunde aan die Universiteit is.



Links: Mnr. Siegfried Burger, hoof van die Universiteit se afdeling Oudiovisuele Dienste, het vanjaar verskeie Europese lande besoek om die gebruik van oudiovisuele hulpmiddels te bestudeer. Hy het onder meer die Vereniging van Oudio-ingenieurs se jaarvergadering in Parys bygewoon en die grootste jaarlikse uitstalling van oudio-aparaat, die Didakta 1977, in Hanover, Wes-Duitsland besoek. In Darmstadt naby Frankfurt was hy by die Bosch-televisiefabriek en in Eindhoven, Nederland, het hy die Phillips-fabriek besoek.

NOTULE VAN VERGADERING VAN DIE KONVOKASIE VAN DIE UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH, GEHOU IN DIE H. B. THOM-TEATER OP DONDERDAG, 2 DESEMBER 1976, OM 20h00

Aanwesig:
Mev. J. J. Albertyn, mnr. J. A. M. Archer, proff. W. S. Barnard, J. H. Barnardt, ds. G. J. V. Bell, mev. J. Bell, mnr. D. V. Benade, mev. J. M. Beukes, mnr. B. I. S. Beukman, mev. K. E. Beyleveld, prof. B. Booyens, mevv. J. S. Booyens, A. J. Booysen, mnre. C. M. Booysen, C. H. Boshoff, prof. A. G. Botha, ds. G. E. Bruwer, prof. G. G. Cillié, mev. M. S. B. Cillié, mej. C. E. S. Coetzee, dr. H. J. B. Combrink, mev. A. Conradie, mnr. E. L. Conradie, prof. P. J. Conradie, mnr. R. P. Conradie, prof. J. J. Cruywagen, adv. J. S. Davel, mnr. D. D'B. Davis, ds. D. de Jager, mnre. N. C. de Klerk, J. M. de Kock, prof. M. A. de Kock, dr. A. J. D. de Villiers, prof. D. I. de Villiers, mevv. G. de Villiers, J. F. de Villiers, proff. J. L. de Villiers, J. N. de Villiers, O. T. de Villiers, P. C. de Villiers, mnr. A. H. de Vos, prof. M. J. de Vries, mev. R. de Vries, prof. J. L. de Wit, mev. D. F. Dreyer, prof. T. P. Dreyer, mev. S. M. du Plooy, dr. N. J. du Preez, mnre. C. G. de K. du Toit, F. L. du Toit, mev. H. H. du Toit, prof. J. B. du Toit, mev. M. C. du Toit, proff. P. S. du Toit, D. L. Ehlers, mnre. A. J. Esterhuyse, I. S. Fourie, prof. C. F. Garbers, mev. M. M. Gerdener, dr. J. H. Giliomee, mnr. E. J. Greenstein, dr. M. Grut, mej. A. Gunter, ds. J. W. Hanekom, prof. G. L. F. Hartwig, mnr. D. C. Hauptfleisch, prof. J. P. Hayes, mnr. J. P. Holtzhausen, dr. G. F. Hugo, ds. J. S. Human, mevv. M. C. Human, H. M. Jordaan, J. E. Jordaan, mnr. J. L. Jordaan, prof. P. G. Jordaan, mnr. W. J. Jordaan, mev. A. E. Joubert, prof. H. L. N. Joubert, mnr. S. W. Joubert, prof. D. J. Kotzé, mev. M. C. Kotzé, dr. G. J. R. Krige, mnr. J. H. Kritzinger, mej. S. C. L. Lambrechts, prof. E. W. Laubscher, mnr. P. J. Lombard, ds. T. E. Lombard, mev. V. V. Lombard, mnr. C. H. Loubser, mej. G. J. Louw, prof. H. A. Louw, mej. M. H. Louw, mnr. N. S. Louw, prof. F. E. J. Malherbe, mnr. G. H. Malherbe, mev. M. S. Malherbe, drr. W. D. Marais, P. G. McMagh, mnr. P. K. Morkel, mev. R. Morkel, dr. B. A. Müller, prof. J. J. Müller, mnr. L. J. Murray, mej. M. I. Murray, dr. C. Olivier, mnre. J. R. Olivier, J. C. Oosthuizen, J. J. Oosthuizen, G. Nieuwoudt, ds. A. J. Pienaar, dr. W. J. Pienaar, mej. S. Potgieter, mev. L. v. Z. Pretorius, prof. F. X. Prins, mev. A. J. Raubenheimer, mnre. H. C. Raubenheimer, B. Rode, prof. E. F. C. H. Rohwer, mnr. I. P. A. Rossouw, prof. D. F. Schneider, mnr. M. J. Schoonwinkel, mej. L. C. Sieberhagen, mev. D. A. Smit, mnr. D. J. v. Z. Smit, mevv. E. M. Smit, H. M. Smit, mnr. J. N. Smit, mev. M. J. Smit, ds. H. J. H. Smith, mej. E. H. Smuts, prof. F. Smuts, mev. J. H. Smuts, mnr. H. J. Steenberg, mev. M. I. Steenberg, ds. L. M. Steenkamp, mnr. C. M. Stimie, mev. J. M. Stimie, mnr. B. Strydom, mev. D. Strydom, mnr. C. J. Swanepoel, mev. A. C. Swart, mnr. D. C. Swart sr., mnre. D. C. Swart jr., P. Swart, proff. J. G. Theron, B. F. Thiart, mnre. L. M. Toerien, J. R. Uys, mev. C. E. van Aarde, mnr. H. J. van Aarde, ds. J. T. M. de J. van Arkel, mev. E. van Brakel, mnre. P. E. van der Gaast, C. A. van der Merwe, dr. F. S. van der Merwe, ds. Gerjo van der Merwe, mevv. G. S. van der Merwe, M. H. van der Merwe, mnr. P. J. van der Merwe, prof. W. M. van der Westhuizen, mnre. H. T. van Huyssteen, D. E. van Niekerk, prof. H. G. van Niekerk, dr. J. F. van Niekerk, mnr. C. F. van Rensburg, mev. D. M. J. van Vuuren, dr. J. C. J. van Vuuren, mnre. A. F. W. van Zyl, H. B. van Zyl, dr. J. H. H. Visagie, mnr. J. G. Visser, prof. M. Webb, drr. P. A. Weber, C. F. Ziervogel, mev. E. Ziervogel, mnr. H. J. Zietsman.

Die sekretaris lees die gepubliseerde kennisgewing waardeur die vergadering byeengeroep is. In die lig van die president, prof. C. G. W. Schumann, se afwesigheid, word prof. G. G. Cillié eenparig aangewys as voorsitter vir die vergadering.

Op versoek van die voorsitter open prof. J. J. Müller die verrigtinge met gebed, waarna die voorsitter die aanwesiges hartlik welkom heet.

Die notule van die vergadering van 8 Desember 1975 word goedgekeur nadat die vergadering daarop gewys is dat die naam van prof. S. P. Cilliers in die weergawe van die notule wat in Matieland opgeneem is, verkeerdelik in die plek van dié van prof. S. P. Olivier verskyn het.

Betuiging van meegevoel
By monde van die voorsitter betuig die vergadering sy meegevoel met die naasbestaandes van lede van die Konvokasie wat sedert die vorige vergadering heengegaan het.

Die volgende name word genoem:
Dr. P. O. Sauer, regter J. T. van Wyk, dr. C. S. Grobbelaar, mnr. Eddie Bartel, adv. A. P. Groenewald, di. H. J. C. Snijders, D. J. Malan, mevv. D. G. Rossouw, M. de V. (tant Magsie) Steytler, Maxie van der Spuy, mnre. Kobie Roux, S. J. Saayman, Manie Steyn, Pollie Geldenhuys, Hennie Neethling, Prof. P. J. van Zijl, mej. C. M. F. (Fran) de Villiers, oud-regter L. C. Steyn, dr. M. H. de Kock, mnre. J. H. (Snaar) Viljoen, Roelou Barry, dr. G. J. J. Smit, di. J. D. J. Steyn, Piet van der Westhuizen, mnre. J. J. Ebersohn, Pieter Nel, lt. Tertius van der Westhuizen, dr. Jan Keet.

Geleentheidsprekers
Die Vise-rektor, prof. M. J. de Vries, bygestaan deur proff. C. F. Garbers en M. A. de Kock, gee vervolgens 'n oorsigtelike beeld van die navorsing wat aan die Universiteit gedoen word.

Presidentsverkiesing
Die voorsitter kondig aan dat prof. C. G. W. Schumann hom nie weer beskikbaar stel vir die presidentskap van die Konvokasie nie, en prof. H. B. Thom word eenparig verkies tot president vir die tweejaartermyn wat in Desember 1978 ten einde loop.

Onbestrede voorstelle van gelukwensing
Onbestrede voorstelle van gelukwensing aan 'n aantal persone in verband met onderskeidinge wat hulle te beurt geval het, word aangeneem, onder andere:

(*a*) *Benoemings/aanstellings binne die Universiteit*
Vise-rektor: Prof. M. J. de Vries
Voltydse Dekaan: Prof. J. A. de Bruyn (Natuurwetenskappe)
Professore: Prof. L. Schully (Beeldende Kunste), prof. H. J. Erasmus (Regsgeleerdheid), prof. M. A. Rabie (Regsgeleerdheid), prof. J. L. de Villiers (Teologie), prof. J. W. Brewer (Wiskunde), prof. G. F. C. de Bruyn (Wiskunde), prof. M. Webb (Soölogie), prof. L. E. van Heerden (Huishoudkunde), prof. D. G. Franzen (Ekonomie), prof. R. J. B. Bruce (Besigheidsbestuur en -administrasie), prof. D. D. Joubert (Sosiologie), prof. J. B. Thompson (Engels), mnr. Piet Cillié (Joernalistiek).
Mede-professore: Mnr. L. Bowman (Musiek), dr. J. H. Giliomee (Insektekunde), dr. B. V. Burger (Chemie).

(*b*) *Eredoktorsgrade deur U.S. toegeken*
Dr. Uys Krige, prof. F. E. J. (Fransie) Malherbe, prof. J. du P. Scholtz, mnr. P. J. Cillié, mnr. P. W. Botha.

(*c*) *Ander aanstellings en onderskeidings*
Mnr. D. P. (Dawid) de Villiers – voorsitter van Sasol. Prof. W. L. Mouton – Rektor van die U.O.V.S. Mnr. Chris Heunis deur Konvokasie verkies tot lid van die Raad van die U.S. Dr. L. A. P. A. Munnik – lid van die Raad van die U.S. Mnr. P. S. Meyer – lid van die Raad van die U.S. Mnr. H. H. Smit – minister van Kleurling-, Rehoboth- en Namabetrekkinge. Mnr. A. L. Schlebusch – minister van Openbare Werke en Immigrasie. Dr. A. P. Treurnicht – adjunk-minister van Bantoe-Administrasie en -Onderwys. Mnr. J. J. Loots – Speaker. Mnr. Attie du Plessis – Sakeman van die Jaar vir 1975. Dr. Johan de Villiers – leier van die U.S. se koor in die plek van prof. Philip McLachlan. Prof. C. L. Wicht (geneeskunde) – Suiderkruis-toekenning. Prof. Eben Meiring (dept. Frans) – Palmes Académiques (kultuurpenning) van die Franse regering. Prof. Erika Theron – eredoktorsgraad van die U.P.E. Prof. A. J. Brink – eredoktorsgraad van die Universiteit van Natal. Prof. A. P. G. Söhnge – Suid-Afrika-medalje van S.A. Genootskap ter Bevordering van die Wetenskap. Prof. M. de Villiers – C. J. Langenhoven-prys vir Taalwetenskap (S.A. Akademie). Mnr. Piet Lombard – burgemeester van Stellenbosch. Adv. Braam Lategan – prokureur-generaal van Suidwes-Afrika. Prof. Ben Vosloo – Oppenheimer-Trustbeurs. Mnr. Morné du Plessis – kaptein van seëvierende Springbokrugbyspan teen die All Blacks 1976.

Die vergadering verdaag.

IN MEMORIAM

Matieland het met leedwese verneem van die heengaan van verskeie Maties en Oud-Maties. Ons betuig ons opregte meegevoel met hulle naasbestaandes.

Dr. A. H. Broeksma (81), voormalige regsadviseur van die Eerste Minister, sekretaris van Buitelandse Sake, prokureur-generaal van Kaapland, en waarnemende regter, is in Mei op Somerset-Wes oorlede. Wyle dr. Broeksma het ná sy skoolopleiding aan die Hoër Jongenskool op Stellenbosch aan die Universiteite van Stellenbosch en Kaapstad in die regte gestudeer. Hy was ook 'n musiekliefhebber en stigter van die Kaapstadse Stadsorkes, 'n lid van verskeie kommissies van ondersoek en voorsitter van die kommissie oor die Woordeboek van die Afrikaanse Taal, 'n rugbyskrywer en skepper van rugbyterme, en – later in sy lewe – bekende boer van die plaas Alto, Stellenbosch. Hy word oorleef deur mev. Magriet Broeksma en hulle dogter en twee seuns.

Adv. Gert Steyl van Kaapstad het in Mei vanjaar op die lughawe Heathrow in Londen gesterf onderwyl hy onderweg was huis toe ná 'n vakansie in die buiteland. Dié bekende regsgeleerde het die graad LL.B. in 1945 op Stellenbosch verwerf.

Dr. David Krige (60), wat die grade B.Comm. (1936) en M.Comm. (1938) op Stellenbosch verwerf het voordat hy geneesheer geword het, is vroeër vanjaar oorlede. Hy het 28 jaar 'n praktyk in die Eikestad gehad voordat hy die afgelope twee jaar superintendent van die Stellenbosse hospitaal was. Sy weduwee en hulle dogter en drie seuns oorleef hom.

Dr. Werner Eiselen (78), die man wat algemeen beskou is as die medeargitek saam met dr. H. F. Verwoerd van die beleid van eiesoortige ontwikkeling, is middel Junie op Tzaneen oorlede. Hy het die graad M.A. in 1920 aan die U.S. verwerf en was vanaf 1949 sekretaris van Naturellesake (later Bantoe-Administrasie en -Ontwikkeling) – waarvan dr. Verwoerd minister was voordat hy premier geword het. Wyle dr. Eiselen was tot in 1971 Kommissaris-generaal van die Noord-Sothovolkseenheid.

Mev. M. E. Roets (gebore Lena Olivier), wat die graad B.Sc. in 1931 aan die U.S. verwerf het, is in April vanjaar in Pretoria oorlede. Wyle mev. Roets was voorheen hoof van die Stofbergse Hoër Meisieskool op Brakpan, en die Hugenote Hoër Meisieskool op Springs. Daarna was sy tot met haar aftrede in 1974 'n inspektrise in die Transvaalse Onderwysdepartement.

Dr. M. L. de Villiers (91), wat "Die Stem" van Langenhoven getoonset het, is op Wellington oorlede. Hy het aan die U.S. gestudeer voordat hy predikant op Beaufort-Wes, Bedford en Simonstad was. Hy laat sy weduwee, 'n dogter en twee seuns agter.

Twee Maties het vroeër vanjaar op dieselfde dag in ongelukke gesterf. Ingenieurstudent mnr. Koos Dannhauser (24) is vroeg Saterdagoggend 30 April dood toe sy motor by Stikland voor 'n trein beland het, en later dié dag het 'n 20-jarige mediese student mnr. Pieter (Pietro) Schoonbee ná 'n bergklimongeluk buite Stellenbosch beswyk.

Wyle mnr. Dannhauser – 'n finalejaarstudent in meganiese ingenieurswese – was 'n Dagbreker. Sy ouers is mnr. en mev. Piet Dannhauser van Sasolburg.

Wyle mnr. Schoonbee is oorlede kort nadat hy tydens 'n uitstappie van die Berg- en Toerklub in die Langrivierkloof tussen die Pieke en die Rifberg gegly en meer as 40 m geval het. Hy was 'n inwoner van Huis Hippokrates. Sy ouers is dr. en mev. Willem Schoonbee van Tzaneen.

Die hoof van die Hoërskool Knysna en voorsitter van die Oud-Matieskakelkomitee op daardie dorp, mnr. N. J. Marais (59), is in Junie oorlede. Dié voormalige onderwyser van die Paul Roos-Gimnasium op Stellenbosch het die grade M.A. (1942) en M.Ed. (1955) aan die U.S. verwerf.

'n Oud-studenteraadslid en oud-primaria van Harmonie, die 81-jarige mev. Dora Smuts (gebore Heese) is vroeër vanjaar in Pretoria oorlede. Sy het vanaf 1916 aan die Victoria-Kollege gestudeer, het die graad B.A. verwerf in 1918 – die jaar waarin die Kollege die Universiteit van Stellenbosch geword het – en die Porter-stipendium is in 1921 aan haar toegeken toe sy die graad M.Sc. (met lof) verwerf het. Sy het daarna in Duitsland in die germanistiek en opvoedkunde gestudeer. Haar man, Johannes Petrus Smuts – wat ook 'n oud-student van die Victoria-Kollege was – is in 1970 oorlede.

'n Bekende Vrystaatse onderwysman, dr. C. M. le Roux (78), is vroeër vanjaar in Pretoria oorlede. Nadat hy die graad M.Sc. aan die U.S. verwerf het en twee jaar lektor in skeikunde was, het hy hom as onderwyser bekwaam en in 1949 'n doktorsgraad in opvoedkunde aan die U.S. behaal.

Matieland het verneem van die afsterwe verlede jaar van 'n Pietersburgse medikus, dr. W. A. Nel (35). Hy het die grade M.B., Ch.B. in 1967 aan die U.S. verwerf. Hy was in besit van die graad B.Admin. van die Universiteit van Suid-Afrika, en het met sy heengaan gestudeer vir die graad M.Admin.

'n Senior dosent aan die Bloemfonteinse Onderwyskollege, dr. P. M. van A. Steytler, wat die graad B.Ed. in 1941 aan die U.S. verwerf het, is vroeër vanjaar oorlede. Hy word oorleef deur sy vrou en twee getroude kinders.

'n Aberdeense boer en landbouleier, mnr. D. H. van Rooyen (59), is in Mei vanjaar oorlede. Nadat hy die graad B.Sc. in Landbou (1940) en S.O.D. (1941) aan die U.S. verwerf het, was hy verbonde aan die hoër landbouskole op Clanwilliam, Tweespruit en Cradock voordat hy vanaf 1953 op die familieplaas Eureka, Aberdeen, geboer het. Sy weduwee (Oud-Matie-huishoudkundestudent Gertrud Toerien) en hulle seun en drie dogters oorleef hom.

A retrospective exhibition, covering the career of the celebrated Johannesburg artist Cecil Skotnes over the last decade and a half, dominated the arts scene in Stellenbosch during the first semester.

For more than two months students and others had the opportunity to become acquainted with the works of Skotnes–"a rare opportunity indeed", as Prof Larry Scully, Head of the department of Creative Arts, put it in the exhibition brochure.

Of the artist Prof Scully writes: "On a very short list of immortals of South African art Cecil Skotnes ranks high. His achievements have secured for him a permanent place not only in South Africa but in the world at large". Skotnes held one of his first exhibitions jointly with Larry Scully, in Johannesburg in 1954.

Through the years Cecil Skotnes has exhibited his works all over the world, and has won many awards, including a Medal of Honour for painting by the Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns last year.

The artist and his art.

Stanley Pinker

Die superintendent van die Groote Schuur-hospitaal, dr. Reeve Sanders, het vroeg in Junie 'n uitstalling deur die Kaapstadse kunstenaar Stanley Pinker in die Universiteit se kunsmuseum geopen. Die uitstalling het werke in waterverf en houtskool asook potloodtekeninge, oliepastelle en olieverfskilderye ingesluit. Pinker is dosent in skilderkuns aan die Michaelis-kunsskool van die Universiteit van Kaapstad. Van sy werke is opgeneem in private versamelings in Australië, Brittanje en Israel, en in Suid-Afrika onder meer in die Suid-Afrikaanse Nasionale Kunsmuseum.

Met die opening van die uitstalling is hier, van links af: dr. Sanders, Stanley Pinker, mev. Pam Atkinson, vrou van 'n Kaapstadse kunstenaar, en prof. Frans Smuts, 'n lid van die raad van kuratore van die kunsmuseum.

Die afgelope drie jaar topverkoper in die wêreld



Oos, Wes, Corolla bes!

Die klein Toyota met groot idees

Die wêreld se topverkoper

TOYOTA

Corolla

T2106/A Lindsay Smithers - FCB

Elke Sigaret 'n Meesterstuk

Die tegniese vaardigheid van die ou meesters en hul strewe na die beste, leef voort in die vervaardiging van Rembrandt van Rijn – die wêreld se eerste vollengte-sigaret met filtermondstuk – die Meesterstuk in Sigarette.

Room van die Oes

VRF 238A